13 - 16 jaar

My Refleksie

# Bybel Joernaal

Boek 2

Heuningsoet Woord & Gees

Psalm 19:10&11

'n Self-doen Refleksie Bybel Joernaal vir tieners 13 tot 16 jaar.
Saamgestel en geskryf deur Carien Stander.

carien@hencar.co.za

Tydens die deurwerk van hierdie Refleksie Joernaal
gaan jy daagliks aan verskillende Bybelgedeeltes blootgestel word.
Deur afwisselend tussen die Ou en Nuwe Testament te beweeg,
sal jy kosbare ontdekkings maak van wie God is en wat Sy plan vir die mens is.
Soos jy die Woord bestudeer en dieper daaroor nadink, bid ek dat Heilige Gees jou ook sal wys hoe jy die Woord deel van jou eie lewe kan maak.
Jy sal met tyd meer leer van God se karakter en wie Hy werklik is.
God is goed en regverdig en Sy Woord getuig daarvan.
Soos jy die dissipline aanleer om gereeld tyd in God se Woord spandeer,
sal dit tot gevolg hê dat jy in jou geloof groei soos jou kennis van Hom toeneem.

Deur daagliks toegewyd en puntsgewys deur die Bybelgedeeltes te beweeg, sal jy:

- jou Bybelboeke beter leer ken
- leer om te reflekteer wat God vir jou, op daardie oomblik deur die Bybelverse wil sê
- Bybelkarakters leer ken as werklike persone
- beleef hoe Heilige Gees vir jou sekere woorde of verse uitlig waarmee Hy spesifiek met jou wil gesels op die oomblik
- leer om vanuit die Woord te bid
- jou verbeelding aktiveer en inleef in Bybelse tekste
- leer om die kern/ hart of tema van 'n spesifieke Bybelteks te identifiseer soos Heilige Gees dit aan jou openbaar op daardie oomblik
- met groter aandag en intensie Bybelverse te bestudeer
- leer hoe om die waarhede van die Woord, deel van jou eie lewe te maak (toepassing)
- waardevolle beloftes van God aan jou, neer te skryf en te memoriseer en so in jou hart en gedagtes vas te lê.
- besef dat Heilige Gees jou geliefkoosde en broodnodige Onderwyser is wanneer jy die Bybel bestudeer
- God se kommunikasie deur die verse van Sy Woord te ervaar en...
- 'n lewenslange fondasie te vorm, van hoe om die Bybel prakties deel van jou lewe te maak en daardeur 'n groot liefde vir God se Woord te ontwikkel.

Mag hierdie Reflekterende Bybel Joernaal tot seën wees vir jou!

**Alle Bybel aanhalings is gemaak vanuit die Afrikaans 1983 vertaling.*

Hierdie *Refleksie* **Bybel Joernaal** behoort aan:

________________________________________

Datum:

___________________________

**Riglyne vir die deurwerk van hierdie 30 dae *Refleksie Joernaal*:**

- Elke dag se Bybelgedeelte is gehaal vanuit die *1983 Afrikaanse Bybelvertaling*. Indien jou Bybelvertaling verskil van die 1983 vertaling, is jy welkom om die dag se Bybelgedeelte in jou eie Bybel op te soek en dan daaruit te lees. Op hierdie wyse sal jy ook beter leer waar die verskillende Bybelboeke in jou eie Bybel is. Vergelyk jou vertaing met die 1983 vertaling indien dit anders is.

- Indien jy nie merkies wil maak, verse wil beklemtoon ("highlight") of wil onderstreep in jou eie Bybel nie, is die ***Refleksie Joernaal*** se daaglikse Bybeluittreksel daar vir jou om lekker te reflekteer, merk en in te kleur wat vir jou uitstaan of aanraak.

- Onthou, hierdie is jou joernaal. Leef jou in die Bybeltekste in. Maak dit jou eie en skryf alles wat in jou hart en gedagtes opkom neer in die spasies waar die vrae is. Skryf neer waaroor jy wonder (hoe snaaks of vreemd dit mag klink). Skryf jou vrae neer selfs al het jy nie antwoorde daarop op daardie oomblik nie - jy sal verbaas wees hoe Heilige Gees jou lei in die Waarheid oor verloop van tyd!

- Soos jy deur die daaglikse Bybelgedeeltes beweeg sal jy agterkom dat jy nuuskierig kan raak wat voor die dag se uittreksel gebeur het, of wat daarna gaan plaasvind. Dis hoe Heilige Gees jou honger maak om meer tyd in die Woord te spandeer. Stop vir 'n dag en lees verder soos wat jy voel Heilige Gees jou lei.

- **BELANGRIK VOOR ELKE LES:** Vra vir Heilige Gees om jou by te staan terwyl jy deur jou Bybel gaan lees en tyd met Hom gaan spandeer.

# Dag 1 JOHANNES 2

## Die bruilof in Kana

1Op die derde dag was daar 'n bruilof in Kana in Galilea, en die moeder van Jesus was daar. 2Jesus en sy dissipels is ook na die bruilof toe genooi.

3Toe die wyn opraak, sê Jesus se moeder vir Hom: "Hulle het nie meer wyn nie."

4Maar Hy sê vir haar: "Waarom sê u dit vir My? My tyd het nog nie gekom nie."

5Sy moeder sê toe vir die kelners: "Wat Hy ook al vir julle sê, moet julle doen."

6Daar het ses klipkanne gestaan vir water wat die Jode by hulle reiniging gebruik het. Elkeen het tussen negentig en honderd liter gehou. 7Jesus sê toe vir die kelners: "Maak die kanne vol water."

Hulle het dit tot bo toe volgemaak.

8Toe sê Hy vir hulle: "Skep nou daarvan uit en gaan gee dit vir die seremoniemeester."

Hulle het dit gedoen. 9Die seremoniemeester het nie geweet waar dit vandaan kom nie, maar die kelners wat die water uitgeskep het, het geweet. Toe die seremoniemeester die water proe wat wyn geword het, roep hy die bruidegom 10en sê vir hom: "'n Mens sit gewoonlik eers die goeie wyn voor, en as die mense goed gedrink het, dié van swakker gehalte; maar jy het die goeie wyn tot nou toe teruggehou."

11Hierdie eerste wonderteken het Jesus in Kana in Galilea gedoen. Hy het daardeur sy heerlikheid laat blyk, en sy dissipels het tot geloof in Hom gekom.



12Hierna het Hy, sy moeder, sy broers en sy dissipels na Kapernaum toe gegaan, maar hulle het nie baie lank daar gebly nie.

## Die reiniging van die tempel

13Die paasfees van die Jode was naby, en Jesus het daarvoor na Jerusalem toe gegaan. 14Op die tempelplein het Hy die verkopers van beeste, skape en duiwe gekry en die geldwisselaars wat daar sit. 15Toe het Hy met toutjies 'n sweep gemaak en almal uit die tempel uitgejaag, ook die skape en die beeste. Die geld van die geldwisselaars het Hy op die grond gegooi en hulle tafels omgekeer. 16Vir die mense wat die duiwe verkoop het, het Hy gesê: "Vat hierdie goed hier weg! Moenie die huis van my Vader 'n besigheidsplek maak nie."

17Toe het sy dissipels daaraan gedink dat daar geskrywe staan: "Die liefde vir u huis verteer my."

18Maar die Jode het Hom aangespreek en vir Hom gesê: "Met watter wonderteken kan u vir ons bewys dat u hierdie dinge mag doen?"

19Jesus het hulle geantwoord: "Breek hierdie tempel af en in drie dae sal Ek hom oprig."

20Die Jode sê toe: "Ses en veertig jaar lank is daar aan hierdie tempel gebou, en u sal hom in drie dae oprig?"

21Met "hierdie tempel" het Hy egter sy liggaam bedoel. 22Later, nadat Hy uit die dood opgewek is, het sy dissipels daaraan gedink dat Hy dit gesê het, en hulle het die Skrif en die woorde van Jesus geglo.

## Jesus ken die mens

23Terwyl Jesus vir die viering van die paasfees in Jerusalem was, het daar baie mense tot geloof in Hom gekom toe hulle

die wondertekens sien wat Hy doen. 24Maar Hy het Hom nie op hulle verlaat nie, omdat Hy geweet het hoe hulle almal is. 25Hy het nie nodig gehad dat iemand Hom iets van 'n mens vertel nie, want Hy het self geweet hoe mense is.

1. Onderstreep 'n vers of twee wat vir jou uitstaan.

2. Beklemtoon ('highlight') al Jesus se woorde.

3. Skryf 'n vers neer wat jy glo die tema of hart van die Skrifgedeelte dra.

______________________________________

______________________________________

______________________________________

4. Waaroor wonder jy of wil jy 'n vraag vra nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het? (jy hoef nie noodwendig 'n antwoord hierop te hê nie).

______________________________________

______________________________________

______________________________________

5. Wat dink jy wil God vir jou leer deur hierdie Bybelgedeelte?

______________________________________

______________________________________

______________________________________

6. Kies 'n vers en verander dit in 'n kort (een-sin) gebed tot God.

Vers : ____________ Gebed :

______________________________________

______________________________________

______________________________________



# Dag 2 PSALMS 37

**Laat jou lewe aan die Here oor**

1 Van Dawid.

Moet jou nie ontstel oor skelms en jou kwel oor
skurke nie, 2want soos gras vergaan hulle gou
en soos groenigheid verdwyn hulle sommer.

3Vertrou liewer op die Here en doen wat goed is, woon en werk rustig voort.

4Vind jou vreugde in die Here, en Hy sal jou gee wat jou hart begeer.

5Laat jou lewe aan die Here oor en vertrou op Hom; Hy sal sorg.

6Hy sal jou onskuld laat deurbreek soos die son, jou reg soos die helder lig van die middag.

7Daarom moet jy in stilte op die Here vertrou en jou nie ontstel oor die voorspoedige lewe van 'n skelm nie.

8Moenie kwaad word nie, laat staan die woede, moet jou nie ontstel nie: dit bring net ellende.

9Die skelms sal uitgeroei word, maar dié wat hulle vertroue in die Here stel, sal in besit bly van die land.

10Nog 'n rukkie en daar sal geen goddelose meer wees nie; 'n mens sal hom soek waar hy was, maar hy sal nie daar wees nie.

11Dié wat nou verdruk word, sal die land besit en hulle verlustig in hulle welvaart.

12Die goddelose soek die ondergang van die regverdige en bedreig sy lewe.

13Die Here lag vir die goddeloses, want Hy sien hulle dag kom.

14Die goddeloses trek die swaard en span die boog om die hulpelose en die arme dood te maak, om dié wat die regte pad loop, te vermoor.

15Die goddeloses se swaarde sal hulle eie harte tref en hulle boë sal stukkend gebreek word.

16Die bietjie van die regverdige is beter as die rykdom van talle goddeloses,

17want die mag van die goddeloses sal verbreek word, maar die Here sal die hulp wees van die regverdiges.

18Die Here sorg vir die lewe van die opregtes, en wat hulle besit, sal hulle behou so lank hulle lewe.

19In tyd van nood sal hulle nie verleë staan nie, in tyd van gebrek sal hulle genoeg hê.

20Die goddeloses sal te gronde gaan, die vyande van die Here sal tot niet gaan; soos mooi weivelde wat in vlamme opgaan, so sal hulle verdwyn.

21Die goddelose leen en betaal nie terug nie, die regverdige kry jammer en help.

22Dié wat deur die Here geseën word, sal die land besit; maar dié wat deur Hom vervloek is, sal uitgeroei word.

23Die Here bepaal die koers van die mens met wie se pad Hy tevrede is, en Hy ondersteun hom.

24As so iemand val, bly hy nie lê nie, want die Here help hom op.

25Ek was jonk en ek het oud geword, maar nooit het ek 'n regverdige verlate gesien of dat sy nageslag brood soek nie.

26Hy is altyd vrygewig, hy leen uit sonder rente: met sy nageslag sal dit goed gaan.

27Bly weg van die kwaad af en doen wat goed is, dan sal jy die land altyd bewoon,

28want die Here het die reg lief en sy troue dienaars verlaat Hy nie. Hulle sal altyd behoue bly, maar die nageslag van die goddeloses sal uitgeroei word.

29Die regverdiges sal die land besit en altyd daarin woon.

30Wat die regverdige praat, is wysheid, wat hy sê, stem ooreen met die reg.

31Die openbaring van sy God is in sy hart, sy koers is nie onseker nie.

32Die goddelose lê die regverdige voor en soek 'n kans om hom dood te maak,

33maar die Here los hom nie in die mag van die goddelose nie en laat nie toe dat hy veroordeel word as hy voor die regbank staan nie.

34Vertrou op die Here en bly op sy weë; Hy sal jou weer laat opstaan om die land te besit, en jy sal die ondergang van die goddeloses aanskou.

35Ek het al gesien dat 'n slegte, roekelose mens geil opskiet soos 'n plant,

36en toe ek weer verbykom, was hy nie meer daar nie; ek het hom gesoek en hy was nêrens nie.

37Maar let nou op die eerbare mens, kyk na die opregte: die regskape man, vir hom is daar 'n toekoms.

38Dié wat hulle teen die Here verset, word voor die voet uitgewis, die toekoms van die goddeloses word afgesny,

39maar die regverdiges word deur die Here gered. Hy is hulle toevlug in tyd van nood.

40Die Here help hulle en Hy bevry hulle, Hy bevry hulle van die slegte mense en red hulle, want hulle skuil by Hom.

1. Kleur 'n vers of twee in wat vir jou uitstaan ('highlight').

2. Wat dink jy was Dawid se kerngedagte of rede hoekom hy hierdie Psalm geskryf het?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

3. Kies 'n vers wat 'n belofte vanuit God se hart beskryf en skryf dit neer.

___________________________________

___________________________________

___________________________________

4. Skryf 'n mooi karaktereienskap van Dawid neer wat jy opmerk vanuit hierdie Psalm.

___________________________________

___________________________________


___________________________________

5. Wat het jy geleer uit hierdie Psalm?

___________________________________

___________________________________

___________________________________



## Dag 3 EKSODUS 2

### Moses se geboorte en opvoeding

1'n Man uit die stam Levi was met 'n Levitiese meisie getroud. 2Die vrou het swanger geword en 'n seuntjie in die wêreld gebring. Toe sy sien hoe mooi is hy, het sy hom drie maande lank weggesteek. 3Langer kon sy hom nie wegsteek nie. Daarom het sy vir hom 'n biesiemandjie gekry en dit met klei en pik dig gemaak. Sy het die seuntjie daarin neergelê en dit tussen die riete aan die kant van die Nyl gesit. 4Sy suster het op 'n afstand gaan staan om te sien wat met hom gebeur.

5'n Dogter van die farao het afgegaan Nyl toe om te swem, en die jongmeisies wat haar vergesel, het aan die kant van die rivier geloop. Toe sy die mandjie tussen die riete sien, stuur sy haar diensmeisie om dit te gaan haal. 6Met die oopmaak sien sy dit is 'n seuntjie en hy huil. Toe kry sy hom jammer en dink: dit is seker een van die Hebreeuse seuntjies.

7Sy suster kom sê toe vir die farao se dogter: "Mag ek vir u 'n vrou gaan roep, 'n Hebreeuse vrou met 'n pasgebore baba, dat sy die seuntjie vir u kan laat drink?"

8Die dogter van die farao het haar geantwoord: "Ja, goed!"

Die meisie het toe die seuntjie se ma gaan roep.

9Toe beveel die farao se dogter die ma: "Neem hierdie seuntjie en laat hom vir my drink. Ek sal jou daarvoor betaal."

Die vrou het die seuntjie geneem en vir hom gesorg. 10Toe hy oud genoeg was, het sy hom na die dogter van die farao toe gebring, wat hom as haar eie seun aangeneem het. Sy het hom Moses genoem, "want," het sy gesê, "ek het hom mos uit die water gehaal."

### Moses slaan 'n Egiptenaar dood

11Toe Moses al 'n volwasse man was, het hy op 'n keer na sy eie mense toe gegaan en gesien dat hulle dwangarbeid verrig. Hy sien toe hoe een van sy eie mense, 'n Hebreër, deur 'n Egiptenaar geslaan word. 12Nadat Moses rondgekyk het en niemand gewaar het nie, het hy die Egiptenaar doodgeslaan en hom onder sand toegekrap.

13Die volgende dag gaan hy weer, en tot sy verbasing was daar twee Hebreeuse manne aan die baklei. "Waarom slaan jy aan jou broer?" vra hy vir die een wat die rusie begin het.

14"Wie het jou aangestel as baas en regter oor ons?" vra die ander. "Wil jy my miskien ook doodslaan, soos jy die Egiptenaar doodgeslaan het?"

Toe skrik Moses en hy dink: die ding het bekend geword.

15Toe dit by die farao uitkom, wou hy vir Moses laat doodmaak, maar Moses het van hom af weggevlug en in Midian gaan woon.

Terwyl hy daar by 'n put sit, 16het die sewe dogters van 'n priester van Midian kom water skep om die drinkbakke vol te maak en hulle pa se kleinvee te laat suip. 17Toe daar veewagters aankom en die dogters wegjaag, het Moses opgestaan en hulle gehelp en hulle kleinvee laat suip.

18Met hulle aankoms by hulle pa Reüel het hy gevra: "Hoe het julle dan vandag so gou gekom?" 19en hulle antwoord: "Daar was 'n Egiptenaar, en hy het ons gehelp teen die veewagters. Boonop het hy vir ons water geskep en die kleinvee laat suip."

20Toe vra die priester vir sy dogters: “Waar is hy? Waarom het julle die man daar laat staan? Gaan nooi hom huis toe om by ons te kom eet.”

21Moses het ingewillig om by Reüel te kom woon, en is later met sy dogter Sippora getroud. 22Toe sy 'n seuntjie kry, het Moses hom Gersom genoem, “want,” het hy gesê, “ek woon as vreemdeling in 'n vreemde land.”

### God hoor die Israeliete se geroep om hulp

23Die jare het verbygegaan, en die koning van Egipte het te sterwe gekom, maar die Israeliete het nog steeds gesug en gekreun onder die swaar werk. Hulle geroep om hulp het tot God opgegaan. 24God het hulle gekerm gehoor en aan sy verbond met Abraham, Isak en Jakob gedink. 25Hy het die nood van die Israeliete gesien en dit ter harte geneem.



1. Onderstreep ‘n vers of twee wat vir jou uitstaan of met jou hart praat.

2. Wat se Bybelkarakter in hierdie storie staan vir jou uit en hoekom?

____________________________________

____________________________________

____________________________________

3. Wat dink jy is God se boodskap aan jou vanuit hierdie Bybelgedeelte?

____________________________________

____________________________________

____________________________________

## Dag 4 HANDELINGE 2:1-36

### Die uitstorting van die Heilige Gees

1Toe die dag van die pinksterfees aanbreek, was hulle almal op een plek bymekaar. 2Skielik was daar 'n geluid uit die hemel soos van 'n geweldige stormwind, en dit het die hele vertrek gevul waar hulle gesit het. 3Hulle het iets soos vuur gesien wat in tonge verdeel en op elkeen van hulle gekom het. 4Almal is met die Heilige Gees vervul en hulle het in ander tale begin praat soos die Heilige Gees dit aan hulle gegee het om onder sy leiding te doen.

5Daar het godsdienstige Jode uit al die nasies onder die son in Jerusalem gewoon. 6Toe die mense die geluid hoor, het 'n groot skare saamgedrom. En omdat elkeen gehoor het hoe daar in sy eie taal gepraat word, het hulle nie geweet hoe hulle dit het nie. 7Verras en verbaas sê hulle toe: "Die mense wat daar praat, is tog almal Galileërs. 8Hoe hoor elkeen van ons dan sy eie moedertaal? 9Perse, Mediërs en Elamiete, sowel as die inwoners van Mesopotamië, Judea en Kappadosië, Pontus en die provinsie Asië, 10Frigië en Pamfilië, Egipte en die dele van Libië om Sirene, mense uit Rome, 11Jode sowel as heidene wat die Joodse geloof aangeneem het, Kretensers en Arabiere – ons hoor hulle in ons eie tale praat oor die groot dinge wat God gedoen het."

12Hulle was almal verbaas en uit die veld geslaan. Party het vir mekaar gevra: "Wat kan dit tog beteken?"

13Maar party het gespot en gesê: "Hulle is dronk."

### Petrus se toespraak op die pinksterdag

14Toe staan Petrus saam met die elf ander apostels op en onder leiding van die Heilige Gees spreek hy die mense toe: "Jode en julle almal wat in Jerusalem woon, ek moet vir julle verduidelik wat gebeur het. Luister na wat ek gaan sê: 15Hierdie mense is nie dronk soos julle dink nie, want dit is nog maar nege-uur in die môre. 16Nee, hier gebeur wat God deur die profeet Joël gesê het:

17"Só sal dit in die laaste dae wees, sê God: Ek sal my Gees uitstort op alle mense: julle seuns en julle dogters sal as profete optree; julle jongmense sal gesigte sien; julle oumense sal drome droom.

18Ja, op my dienaars en my dienaresse sal Ek in daardie dae my Gees uitstort, en hulle sal as profete optree.

19Ek sal tekens bo in die lug en wonders onder op die aarde gee: bloed en vuur en rookwolke.

20Die son sal pikdonker word en die maan bloedrooi voordat die groot en glorieryke dag van die Here kom.

21So sal dit dan wees: elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word.

22"Israeliete, luister na hierdie woorde! God het Jesus van Nasaret aan julle bekend gestel deur die kragtige dade, die wonders en die tekens wat God Hom by julle laat doen het. Daarvan weet julle self. 23God het besluit en dit vooruit bepaal om Hom aan julle uit te lewer, en julle het Hom deur heidene aan die kruis laat spyker en Hom doodgemaak. 24Maar God het Hom van die smarte van die dood verlos en Hom uit die dood laat opstaan. Dit was immers vir die dood onmoontlik om Hom gevange te hou. 25Van Hom sê Dawid:



"Ek het die Here altyd voor oë. Hy is aan my regterhand; ek sal nie wankel nie.

26Daarom is my hart bly en my tong jubel, ja meer, ek het die verwagting dat my liggaam sal lewe, 27want U sal my nie aan die doderyk oorlaat nie; U sal nie toelaat dat u troue dienaar vergaan nie.

28U het my die paaie van die lewe geleer; u teenwoordigheid sal my met vreugde vul.

29"Broers, wat ons voorvader Dawid betref, moet ek dit vir julle duidelik stel: Hy het gesterwe en is begrawe, en sy graf is nou nog hier by ons. 30Maar hy was 'n profeet en hy het geweet dat God met 'n eed aan hom belowe het dat een van sy nakomelinge op sy troon sou sit. 31Daarom het hy die opstanding van die Christus vooruit gesien en gesê:

"Hy is nie aan die doderyk oorgelaat nie, en sy liggaam het nie vergaan nie.

32"God het hierdie Jesus uit die dood laat opstaan; daarvan is ons almal getuies. 33Hy is verhoog aan die regterhand van God en Hy het die Heilige Gees wat belowe is, van die Vader ontvang en uitgestort. Dit is wat julle nou sien en hoor. 34Dawid het nie na die hemel toe opgevaar nie, en tog sê hy:

"Die Here het vir my Here gesê: Sit aan my regterhand 35totdat Ek jou vyande aan jou onderwerp het.

36"Die hele Israel moet nou vas en seker weet: God het hierdie Jesus, wat julle gekruisig het, Here en Christus gemaak!"

1. Kies een vers wat jy graag sal wil memoriseer of onthou vir altyd.

________________________________________

________________________________________

________________________________________

2. Beklemtoon ('highlight') 'n belofte wat jy raaksien wat God aan jou gee.

3. Wat het jy geleer vanuit hierdie Bybelgedeelte?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

4. Onderstreep verse wat na Heilige Gees verwys.

5. Kan jy dink aan enige vraag waaroor jy wonder, wat jy graag sal wil vra nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het. Skryf dit hieronder neer.

________________________________________

________________________________________

________________________________________

6. Watter waarheid oor wie God (Jesus) is, word vir jou uitgebeeld in hierdie Bybelgedeelte?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

7. Watse voorbeeld van Petrus kan jy ook nastreef om te volg?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

# Dag 5 GENESIS 37

## Josef en sy drome

1Jakob het in Kanaän gebly, die land waar sy voorvaders ook as vreemdelinge gebly het. 2Hier volg die familiegeskiedenis van Jakob.

Josef was nog jonk, sewentien, toe hy kleinvee opgepas het saam met sy broers, die seuns van Bilha en Silpa, sy pa se vrouens. Josef het slegte stories oor sy broers by hulle pa aangedra.

3Van al sy seuns was Israel die liefste vir Josef, die seun wat in sy ouderdom gebore is, en daarom het hy vir Josef lang klere met moue gemaak. 4Toe sy broers sien dat hulle pa vir Josef liewer het as vir enige van hulle, het hulle 'n afkeer van Josef gekry en het hulle niks goeds oor hom gesê nie.

5Op 'n keer het Josef gedroom en dit vir sy broers vertel. Daarna was hulle afkeer van hom nog groter. 6Hy het vir hulle gesê: "Luister na die droom wat ek gehad het. Ons was op die land besig om gerwe te bind 7en skielik gaan staan my gerf regop en julle gerwe gaan staan daar rondom en hulle buig voor myne."

8Toe sê sy broers vir hom: "Jy verbeel jou jy sal oor ons koning word. Dink jy dalk jy sal oor ons regeer?"

Oor sy drome en sy praatjies het hulle 'n nog groter afkeer van hom gekry.

9Hy het ook nog 'n ander droom gehad en hy het dit vir sy broers vertel. Hy het gesê: "Ek het weer gedroom. Die son en die maan en elf sterre het voor my kom buig."

10Toe hy dit vir sy pa en sy broers vertel, het sy pa hom berispe en vir hom gesê: "Wat vir 'n soort droom is dit wat jy gehad het? Verbeel jy jou ek en jou ma en jou broers moet voor jou kom buig?"

11Sy broers was afgunstig op hom, en sy pa het aan die droom bly dink.

## Josef word 'n slaaf

12Josef se broers het hulle pa se kleinvee gaan oppas in Sigem. 13Toe sê Israel vir Josef: "Kyk, jou broers pas die kleinvee op in Sigem. Ek wil jou na hulle toe stuur."

Josef het geantwoord: "Goed, Pa!"

14Toe sê Israel vir hom: "Gaan kyk of alles nog reg is by jou broers en met die kleinvee en kom vertel my alles."

Israel het hom van die laagte by Hebron af gestuur na Sigem toe. 15Hy het daar in die veld rondgesoek, en toe kom 'n man by hom en dié vra vir hom: "Wat soek jy?"

16Josef antwoord hom: "Ek soek my broers. Kan jy my dalk sê waar hulle die kleinvee oppas?"

17Toe sê die man: "Hulle het van hier af versit. Ek het gehoor hulle sê hulle wil na Dotan toe gaan."

Josef is toe agter sy broers aan en hy het hulle by Dotan gekry.

18Hulle het hom al van ver af gesien en voor hy by hulle gekom het, het hulle ooreengekom om hom dood te maak. 19Hulle het naamlik vir mekaar gesê: "Kyk, daar kom die ou dromer aan. 20Kom ons maak hom dood en gooi hom in 'n put. Ons kan sê 'n roofdier het hom opgevreet. Dan sal ons sien wat word van sy drome."

21Ruben het hulle hoor praat en omdat hy vir Josef wou red, het Ruben gesê: "Nee, ons moet hom nie doodmaak nie. 22Moenie moord pleeg nie. Gooi hom liewer in hierdie put hier in die veld. Moenie

sy lewe neem nie." Ruben het dit gesê sodat hy vir Josef kon red en hom na sy pa toe kon terugstuur.

23Josef het skaars by sy broers aangekom of hulle trek sy klere uit, die lang klere met moue wat hy aangehad het, 24en vat hom en gooi hom in die put. Dit was 'n droë put, sonder water. 25Daarna het hulle gaan sit en eet, en toe hulle weer sien, kom daar 'n klomp Ismaelitiese handelaars uit Gilead aan. Hulle was op pad na Egipte toe en op hulle kamele was daar gom, balsem en hars gelaai.

26Toe sê Juda vir sy broers: "Watter nut het dit vir ons om ons broer dood te maak en dit dig te hou? 27Kom ons verkoop hom aan die Ismaeliete. Ons moenie sy lewe neem nie, hy is ons broer, hy is bloedfamilie."

Juda se broers het na hom geluister, 28en toe daar van die Midianitiese handelaars verbykom, het die broers vir Josef uit die put uit opgetrek en vir twintig stukke silwer aan die Ismaeliete verkoop en dié het hom Egipte toe gevat.

29Toe Ruben terugkom by die put, was Josef nie daar nie. Ruben het sy klere geskeur 30en teruggegaan na sy broers toe en vir hulle gesê: "Die kind is weg! Wat moet ek nou doen?"

31Maar sy broers het 'n boklam geslag en die klere van Josef gevat en in die bloed gedoop. 32Toe stuur hulle Josef se klere met 'n boodskap vir hulle pa: "Ons het dít opgetel. Kyk of dit dalk u seun se klere is."

33Israel het dit herken en gesê: "Dit is my seun se klere. 'n Roofdier het hom opgevreet. Josef is opgevreet!"

34Jakob het sy klere geskeur en rouklere aangetrek. Hy het lank oor sy seun getreur. 35Al sy kinders het vir Jakob probeer troos, maar hy wou hom nie laat troos nie. Hy het gesê: "Ek sal bly treur oor my seun tot ek by hom in die dood is."

So het Josef se pa bly treur oor hom.

36Die Midianiete het vir Josef in Egipte verkoop aan Potifar. Hy was aan die farao se paleis verbonde as hoof van die lyfwag.

1. Onderstreep 'n vers of twee wat vir jou uitstaan.

2. Beklemtoon ('highlight') Jakob se woorde oral waar hy gepraat het.

3. Skryf 'n vers neer wat jy glo die tema of hart van die Skrifgedeelte dra.

__________________________________

__________________________________

__________________________________

4. Waaroor wonder jy nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het? (Jy hoef nie noodwendig 'n antwoord hierop te hê nie).

__________________________________

__________________________________

__________________________________



5. Wat dink jy wil God vir jou leer deur hierdie Bybelgedeelte?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

6. Noem die effek (nagevolg) van sonde (ongehoorsaamheid aan God) wat hier voorkom word.

___________________________________

___________________________________

___________________________________

7. Hoe kan jy anders as enige van hierdie Bybekarakters optree, of dalk iets nuuts leer vanuit hulle foute.

Karakter: ___________________________

My optrede sal wees _________________

___________________________________

___________________________________

8. Skryf 'n waarheid neer van wie God is of 'n karaktereienskap van God wat jy vanuit die Bybelgedeelte agterkom.

___________________________________

___________________________________

___________________________________

___________________________________



## Dag 6 GALASIËRS 5:13-26

### Die Gees van God en ons sondige natuur

13Julle, broers, julle is tot vryheid geroep. Moet net nie julle vryheid misbruik as 'n verskoning om sonde te doen nie, maar dien mekaar in liefde. 14Die hele wet word in hierdie een gebod saamgevat: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself." 15Maar julle byt en verskeur mekaar; pas op dat julle mekaar nie later heeltemal verslind nie.

16Wat ek bedoel, is dít: Laat julle lewe steeds deur die Gees van God beheers word, dan sal julle nooit swig voor begeertes van julle sondige natuur nie. 17Wat ons sondige natuur begeer, is in stryd met wat die Gees wil, en wat die Gees wil, is in stryd met wat ons sondige natuur begeer. Hierdie twee staan lynreg teenoor mekaar, en daarom kan julle nie doen wat julle graag wil nie. 18Maar as julle julle deur die Gees laat lei, staan julle nie meer onder die wet nie.

19Die praktyke van die sondige natuur is algemeen bekend: onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid, 20afgodsdiens, towery, vyandskap, haat, naywer, woede, rusies, verdeeldheid, skeuring, 21afguns, dronkenskap, uitspattigheid en al dergelike dinge. Ek waarsku julle soos ek julle al vroeër gewaarsku het: Wie hom aan sulke dinge skuldig maak, sal nie die koninkryk van God as erfenis verkry nie.

22Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, 23nederigheid en selfbeheersing. Teen sulke dinge het die wet niks nie. 24Dié wat aan Christus Jesus behoort, het hulle sondige natuur met al sy hartstogte en begeertes gekruisig. 25Ons lewe deur die Gees; laat die Gees nou ook ons gedrag bepaal. 26Ons moenie verwaand wees, mekaar uittart of op mekaar afgunstig wees nie.

1. Onderstreep 'n vers/e wat vir jou uitstaan.

2. Skryf 'n vers/sin neer wat jy glo die hart van die Skrifgedeelte bevat.

____________________________________

____________________________________

____________________________________

3. Kies 'n vers en verduidelik hoe jy jou lewe kan rig of verander deur meer so te leef.

____________________________________

____________________________________

____________________________________

4. Is daar iets nuuts wat jy vandag raakgelees het of weer opnuut van bewus geraak het? Skryf dit neer.

____________________________________

____________________________________

____________________________________

5. Kies 'n vers en verander dit in 'n kort (een-sin) gebed tot God.

Vers : ____________

Gebed : ______________________________

___________________________________

___________________________________


___________________________________

6. Skryf 'n waarheid oor Jesus neer wat jy vanuit hierdie teks waarneem.

___________________________________

___________________________________

___________________________________



# Dag 7 JEREMIA 1

## Die tyd van sy optrede

1Die woorde van Jeremia. Hy was 'n seun van Gilkija en 'n priester uit Anatot in Benjamin.

2Die woord van die Here het tot hom gekom tydens die regering van koning Josia van Juda, seun van Amon. Dit was in die dertiende regeringsjaar van Josia. 3Daarna het die woord van die Here tot Jeremia gekom tydens die regering van koning Jojakim van Juda, seun van Josia, en telkens tot die einde van die elfde regeringsjaar van koning Sedekia van Juda, seun van Josia. In die vyfde maand van daardie jaar is die inwoners van Jerusalem in ballingskap weggevoer.

## Jeremia word tot profeet geroep

4Die woord van die Here het tot my gekom:

5Voordat Ek jou in die moederskoot gevorm het, het Ek jou geken; voordat jy gebore is, het Ek jou aan My gewy en jou as profeet vir die nasies aangestel.

6"Ag, Here my God," het ek geantwoord, "ek kan nie goed praat nie, ek is nog te jonk."

7Toe sê die Here vir my: Jy moenie sê: "Ek is te jonk" nie. Jy moet gaan na wie toe Ek jou ook al stuur, en alles wat Ek jou beveel om te sê, moet jy sê.

8Moenie vir hulle bang wees nie, want Ek is by jou, Ek sal jou red. Dit is wat die Here gesê het.

9Hy het sy hand uitgesteek, my mond aangeraak en vir my gesê: Ek het nou my woorde in jou mond gelê.

10Kyk, Ek stel jou vandag aan oor nasies en oor koninkryke om af te breek en uit te roei, om te vernietig en plat te slaan, te bou en te vestig.

11Die woord van die Here het tot my gekom: Wat sien jy, Jeremia? Ek het geantwoord: "Ek sien 'n amandeltak."

12Die Here het geantwoord: Jy het reg gesien. Ek staan gereed om te doen wat Ek gesê het.

13Die woord van die Here het 'n tweede keer tot my gekom: Wat sien jy? Ek het geantwoord: "Ek sien 'n kokende pot in die noorde en dit kantel oor hiernatoe."

14Toe sê die Here vir my: Van die noorde af gaan Ek 'n ramp stuur oor almal wat in hierdie land woon.

15Ek gaan alle volke, alle koninkryke van die noorde af roep,sê die Here. Hulle konings sal elkeen sy troon kom oprig voor die poorte van Jerusalem, by die mure rondom die stad en by al die stede van Juda.

16Ek sal die mense van Juda straf vir al hulle sondes: hulle het My verlaat, vir ander gode offers gebring en voor hulle eie handewerk in verering gebuig.

17Maak klaar, staan op, sê vir hulle alles wat Ek jou beveel. Moenie vir hulle skrik nie, want dan verpletter Ek jou voor hulle oë.

18Ek maak jou vandag 'n vestingstad, 'n ysterpilaar, 'n bronsmuur sodat jy staande kan bly teen die hele land, teen die koningshuis van Juda en al sy amptenare, teen sy priesters en teen die bevolking.

19Hulle sal teen jou veg maar hulle sal jou nie oorweldig nie, want Ek is by jou, sê die Here, Ek sal jou red.



1. Onderstreep 'n vers of twee vanuit die Skrifgedeelte, wat met jou hart gepraat het terwyl jy daardeur gelees het.

2. Waaroor wonder jy soos wat jy deur die teks gelees het? Skryf dit neer.

____________________________________

____________________________________

____________________________________

3. Skryf 'n belofte neer wat jy sien God aan Sy kinders gee vanuit die verse.

____________________________________

____________________________________

____________________________________

4. Was die rede waarom Jeremia nie God se roeping wou aanvaar nie, geldig? Verduidelik hoekom of hoekom nie.

____________________________________

____________________________________

____________________________________

5. Wat dink jy wil God vir jou leer deur hierdie Bybelgedeelte?

____________________________________

____________________________________

____________________________________

6. Trek 'n sikel om die vers(e) wat vir jou interessant is.

7. Watter waarheid oor wie God is leer jy vanuit hierdie Bybelgedeelte?

____________________________________

____________________________________

____________________________________



# Dag 8 1 KORINTIËRS 12

## Die verskeidenheid van geestelike gawes

1Wat die gawes van die Gees betref, broers, wil ek hê dat julle ingelig moet wees. 2Julle weet dat, toe julle nog heidene was, julle blindelings na die stom afgode meegevoer is. 3Daarom wil ek hê julle moet weet dat iemand wat sê: “Vervloek is Jesus”, nie deur die Gees van God praat nie; en niemand kan sê: “Jesus is die Here” nie, behalwe deur die Heilige Gees.

4Daar is 'n verskeidenheid van genadegawes, maar dit is dieselfde Gees wat dit gee; 5daar is 'n verskeidenheid van bedieninge, maar dit is dieselfde Here wat die opdrag gee; 6daar is 'n verskeidenheid van kragtige werkinge, maar dit is dieselfde God wat alles in almal tot stand bring.

7Aan elkeen afsonderlik word 'n werking van die Gees gegee tot voordeel van almal. 8Aan die een word deur die Gees die gawe gegee om 'n woord van wysheid te praat, aan 'n ander 'n woord van kennis deur dieselfde Gees; 9aan die een geloof deur dieselfde Gees, aan 'n ander genadegawes van gesondmaking deur die één Gees. 10Aan die een gee Hy die krag om wonders te doen, aan 'n ander die gawe om te profeteer, en aan nog 'n ander die gawe om tussen die geeste te onderskei. Aan nog een gee Hy die gawe om ongewone tale of klanke te gebruik en aan 'n ander om dit uit te lê. 11Maar al hierdie dinge is die werk van een en dieselfde Gees, wat aan elkeen afsonderlik 'n gawe uitdeel soos Hy wil.

## Een liggaam met baie lede

12Net soos die liggaam 'n eenheid is en baie lede het, en soos al die lede saam, al is hulle baie, een liggaam vorm, so is dit ook met die liggaam van Christus. 13Omdat ons almal een liggaam geword het, is ons almal met die een Gees gedoop, of ons nou Jood of Griek is, slaaf of vry. Ons is almal van die een Gees deurdrenk.

14Die liggaam bestaan ook nie net uit een lid nie, maar uit baie. 15As die voet sou sê: “Omdat ek nie 'n hand is nie, is ek nie deel van die liggaam nie,” hou hy om dié rede tog nie op om deel van die liggaam te wees nie. 16En as die oor sou sê: “Omdat ek nie 'n oog is nie, is ek nie deel van die liggaam nie,” hou hy om dié rede eweneens nie op om deel van die liggaam te wees nie. 17As die hele liggaam oog was, hoe sou hy kon hoor? En as die hele liggaam oor was, hoe sou hy kon ruik? 18Maar nou het God die lede, elkeen van hulle afsonderlik, in die liggaam gevoeg soos Hy dit wou hê. 19As almal saam net een lid was, hoe sou daar 'n liggaam kon wees? 20Nou is daar wel baie lede maar net een liggaam.

21Die oog kan nie vir die hand sê: “Ek het jou nie nodig nie.” Die kop kan weer nie vir die voete sê: “Ek het julle nie nodig nie.” 22Inteendeel, die lede van die liggaam wat as die swakste voorkom, is juis noodsaaklik, 23en dié wat vir ons minder mooi lyk, klee ons met groter sorg. So word ons minder aansienlike dele besonder mooi gemaak, 24terwyl die aantreklike dele dit nie nodig het nie. God het die liggaam so saamgestel dat Hy groter eer gegee het aan die lid wat eer kortkom, 25sodat daar nie verdeeldheid in die liggaam sou wees nie, maar dat die lede gelyke sorg vir mekaar dra. 26As een lid ly, ly al die lede saam; en as een lid geëer word, is al die lede saam bly.

27Julle is die liggaam van Christus, en afsonderlik is elkeen 'n lid daarvan. 28En in

die kerk is daar mense aan wie God 'n bepaalde taak gegee het. Ten eerste is daar apostels, ten tweede profete, ten derde leraars; verder is daar dié wat wonderdade kan doen, dan dié wat genadegawes ontvang het om mense gesond te maak, om hulp te verleen, om leiding te gee of om ongewone tale of klanke te gebruik. 29Is almal miskien apostels? Is almal profete? Is almal leraars? Kan almal miskien wonders doen? 30Het almal die genadegawes om mense gesond te maak? Of gebruik almal miskien ongewone tale of klanke en kan almal dit uitlê?

31Lê julle toe op die beste genadegawes.

1. Onderstreep 'n vers of twee wat jou oog vang.

2. Beklemtoon (highlight) 'n waarheid oor Heilige Gees se werking wat jy vanuit die teks raaklees.

3. Skryf 'n sin neer wat jy glo die tema of hart van die Skrifgedeelte opsom.

___________________________________

___________________________________

___________________________________

4. Waaroor wonder jy of wil jy 'n vraag vra nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het? (jy hoef nie noodwendig 'n antwoord hierop te hê nie).

___________________________________

___________________________________

___________________________________

5. Wat dink jy wil God vir jou leer of sê deur hierdie Bybel gedeelte?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

6. Het jy iets nuuts raakgelees of van bewus geword terwyl jy deur die verse gelees het?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

___________________________________

7. Skryf 'n vers of sin vanuit die verse neer wat jy wil memoriseer of onthou vir altyd.

___________________________________

___________________________________

___________________________________



## Dag 9 PSALMS 112

### Die regverdige sal nooit wankel nie

1Prys die Here!

Dit gaan goed met elkeen wat die Here dien,

wat al sy vreugde vind in die gebooie van die Here.

2Sy nageslag is 'n sterk krag in die land,

die geslag van die opregte word geseën:

3daar is oorvloed en rykdom in sy huis.

Wat hy doen, is reg en blywend:

4hy laat sy lig in die donker uitstraal vir die opregtes,

hy is genadig, barmhartig en regverdig.

5Dit is 'n goeie mens wat hom ontferm en wat uitleen

en in al sy sake reg optree.

6Die regverdige sal nooit wankel nie,

hy sal altyd onthou word.

7Vir slegte tyding is hy nie bevrees nie,

hy is gerus, hy vertrou op die Here.

8Hy voel hom veilig, hy is nie bevrees nie:

hy sal die neerlaag van sy vyande aanskou.

9Hy gee mildelik vir die armes.

Wat hy doen, is reg en blywend.

Hy geniet hoë aansien.

10Die goddelose sien dit en raak ontsteld,

hy kners op sy tande van magteloosheid.

Van die begeertes van die goddelose kom daar niks.

1. Kleur 'n vers in wat vir jou uitstaan ('highlight').

2. Wat dink jy was die Psalmskrywer se kerngedagte toe hy hierdie Psalm geskryf het?

______________________________________

______________________________________

______________________________________

3. Kies 'n vers of sin wat 'n belofte vanuit God se hart aan Sy kinders beskryf.

______________________________________

______________________________________

______________________________________

4. Skryf 'n mooi karaktereienskap van die Psalmis neer wat jy opmerk vanuit hierdie Psalm.

______________________________________

______________________________________

______________________________________

5. Wat het jy geleer uit hierdie Psalm?

______________________________________

______________________________________

______________________________________

## **Dag 10** JOHANNES 14

### Jesus gaan na sy Vader toe

1“Julle moet nie ontsteld wees nie. Glo in God; glo ook in My. 2In die huis van my Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek nie vir julle gesê het Ek gaan om vir julle plek gereed te maak nie. 3En as Ek gegaan het en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is. 4En julle ken die weg na die plek waarheen Ek gaan.”

5Tomas sê toe vir Hom: “Here, ons weet nie waarheen U gaan nie; hoe kan ons dan die weg daarheen ken?”

6Jesus het vir hom gesê: “Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie. 7As julle My ken, sal julle my Vader ook ken. En van nou af ken julle Hom en sien julle Hom.”

8Toe sê Filippus vir Hom: “Here, wys vir ons die Vader, en dit is vir ons genoeg.”

9En Jesus sê vir hom: “Ek is al so lank by julle, en ken jy My nie, Filippus? Wie My sien, sien die Vader. Hoe kan jy dan sê: ‘Wys vir ons die Vader’? 10Glo jy nie dat Ek in die Vader is en die Vader in My nie? Die woorde wat Ek met julle praat, praat Ek nie uit my eie nie; maar dit kom van die Vader wat in My bly en sy werke doen. 11Glo in My omdat Ek in die Vader is en die Vader in My; of anders, glo op grond van die werke self.

12“Dít verseker Ek julle: Wie in My glo, sal ook die dinge doen wat Ek doen; en hy sal nog groter dinge as dit doen, omdat Ek na die Vader toe gaan. 13Wat julle ook al in my Naam vra, sal Ek doen, sodat die Vader deur die Seun verheerlik kan word. 14As julle My iets in my Naam vra, sal Ek dit doen.”

### Die Heilige Gees sal by julle bly

15“As julle My liefhet, sal julle my opdragte uitvoer. 16Ek sal die Vader vra, en Hy sal vir julle 'n ander Voorspraak stuur om vir ewig by julle te wees, 17naamlik die Gees van die waarheid. Die wêreld kan Hom nie ontvang nie, omdat hulle Hom nie sien en Hom nie ken nie. Maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees.

18“Ek sal julle nie as weeskinders agterlaat nie; Ek kom weer na julle toe. 19Nog net 'n klein rukkie, en dan sien die wêreld My nie meer nie, maar julle sien My, omdat Ek lewe en julle sal lewe. 20Daardie dag sal julle weet dat Ek in my Vader is en julle in My en Ek in julle.

21“Wie my opdragte het en dit uitvoer – dit is hy wat My liefhet. En wie My liefhet, hóm sal my Vader liefhê, en Ek sal hom ook liefhê en My aan hom openbaar.”

22Judas, nie Judas Iskariot nie, vra toe vir Hom: “Here, hoe kom dit dat U U aan ons gaan openbaar en nie aan die wêreld nie?”

23Jesus antwoord hom: “As iemand My liefhet, sal hy my woorde ter harte neem; en my Vader sal hom liefhê, en Ons sal na hom toe kom en by hom woon. 24Wie My nie liefhet nie, neem my woorde nie ter harte nie; en die woorde wat julle hoor, is nie Myne nie, maar die Vader s'n wat My gestuur het.

25“Dit sê Ek vir julle terwyl Ek nog by julle bly; 26en wanneer die Vader in my Naam die Voorspraak, die Heilige Gees, stuur, sal Hy julle alles leer en julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het.

27“Vrede laat Ek vir julle na; my vrede gee Ek vir julle. Die vrede wat Ek vir julle gee, is nie die soort wat die wêreld gee nie. Julle moet nie ontsteld wees nie, en julle moet

nie bang wees nie. 28Julle het gehoor dat Ek vir julle gesê het: Ek gaan weg, maar Ek kom weer na julle toe. As julle My liefgehad het, sou julle bly gewees het dat Ek na die Vader toe gaan, omdat die Vader groter as Ek is. 29En nou sê Ek dit vir julle voordat dit gebeur, sodat julle kan glo wanneer dit gebeur. 30Ek sal nie meer lank met julle kan praat nie, want die owerste van die wêreld is aan die kom. Hy het geen mag oor My nie, 31maar die wêreld moet weet dat Ek die Vader liefhet en daarom doen wat die Vader My beveel het.

"Staan op, laat ons hiervandaan weggaan."

1. Onderstreep 'n vers of twee wat vir jou uitstaan.

2. Beklemtoon (highlight) die dele wat na Jesus se woorde verwys.

3. Wat leer jy vandag nuut vanuit hierdie verse ?

______________________________________

______________________________________

______________________________________

4. Noem 'n paar dinge wat Jesus vir jou gee / bied wat jy lees vanuit die verse.

______________________________________

______________________________________

______________________________________

5. Skryf 'n vraag neer waaroor jy wonder nadat jy die verse deurgelees het.

______________________________________

______________________________________

______________________________________

6. Skryf 'n belofte (vanuit vandag se Skrif) wat God aan elkeen van Sy kinders gee.

______________________________________

______________________________________

______________________________________



# Dag 11 JOËL 2:12-32

**Kom terug na My toe!**

12Maar nou sê die Here: Kom met julle hele hart terug na My toe, vas, huil en treur!

13Skeur julle harte, nie julle klere nie. Kom terug na die Here julle God toe: Hy is genadig en barmhartig; Hy is lankmoedig en vol liefde. Hy is bereid om straf te herroep.

14Wie weet of Hy nie die straf sal herroep nie; of Hy nie weer voorspoed sal gee nie sodat daar weer graan- en drankoffers sal wees vir die Here julle God!

15Blaas die ramshoring in Sion, bepaal 'n dag om te vas, roep die gemeente bymekaar.

16Roep die volk op, reinig die gemeente, laat die leiers bymekaarkom, bring die kinders bymekaar, selfs dié wat nog drink.

Die bruidegom moet uit sy kamer uitkom, die bruid uit haar wittebroodskamer.

17Die priesters wat in die diens van die Here staan, moet tussen die voorportaal en die altaar gaan staan en huil, hulle moet sê: "Betoon medelye met u volk, Here, moenie die volk wat aan U behoort, tot 'n bespotting maak, sodat die nasies met hulle sal spot nie. Waarom moet daar onder die volke gevra word: Waar is Israel se God?"

**Die Here betoon medelye met sy volk**

18Die Here het vir sy land opgekom, Hy het medelye betoon met sy volk.

19Die Here het sy volk geantwoord: Ek stuur vir julle koring en wyn en olie. Julle sal oorgenoeg hê. Ek sal julle nie weer tot 'n bespotting onder die nasies maak nie.

20Hierdie vyand uit die noorde sal Ek wegvat van julle af, Ek sal hom wegjaag na 'n droë en verwoeste land toe, sy voorpunt sal in die Dooie See beland en sy agterhoede in die Middellandse See. Sy stank sal opstyg, sy slegte reuk sal versprei, want hy het hom groot gehou.

21Jy moenie bang wees nie, ploegland, jy moet bly wees en juig, want die Here het 'n wonder gedoen.

22Julle moenie bang wees nie, vee in die veld, want die weiveld word groen, die bome dra vrugte, die vyebome en die wingerd staan in volle drag.

23Inwoners van Sion, julle moet bly wees en juig tot eer van die Here julle God, want Hy het die reëns betyds laat kom, Hy het die vroeë en die laat reën soos voorheen gegee.

24Die dorsvloer lê vol koring, die parskuipe loop oor van wyn en olie.

25Ek sal julle vergoed vir die tyd van sprinkaanswerm op sprinkaanswerm toe my groot leër wat Ek teen julle gestuur het, julle verteer het.

26Julle sal oorgenoeg hê om te eet, julle sal die Naam van die Here julle God prys, Hy wat wonders vir julle gedoen het. My volk sal nooit weer in die skande kom nie.

27Dan sal julle besef dat Ek by Israel is, dat Ek die Here julle God is,dat daar buiten My nie 'n ander is nie. My volk sal nooit weer in die skande kom nie.

28Wanneer dit alles gebeur het, sal Ek my Gees laat kom op al die mense, julle seuns en julle dogters sal as profete optree, julle oumense sal drome droom, julle jong mans sal visioene sien.

29In daardie tyd sal Ek my Gees laat kom selfs op dié wat nie in aansien is nie.

30Ek sal tekens gee, in die hemel en op die aarde: bloed, vuur en rookwolke.

31Die son sal donker word, die maan bloedrooi en dan sal die groot, die vreeslike dag van die Here kom.

32Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word. Op Sionsberg en in Jerusalem sal daar uitkoms wees. So het die Here beloof. Dié wat deur die Here geroep is, is by dié wat gered is.

1. Onderstreep 'n vers of twee wat jou oog vang vanuit die Bybelgedeelte.

2. Beklemtoon ('highlight') beloftes wat God aan elke mense gee vanuit vandag se Skrifgedeelte.

3. Wat dink jy wil God vir jou sê nadat jy hierdie Bybelgedeelte deurgelees het?

4. Watter karaktereienskap(pe) van God kom sterk na vore in die verse soos jy daardeur gelees het?

5. Is daar moontlik 'n aanpassing in jou lewe of geloof wat jy moet maak, sodat jy meer sal leef soos wat die Bybel in hierdie verse vir jou leer?

6. Herkryf 'n vers of twee vanuit die teks, wat 'n belofte van God aan jou is.



## Dag 12 HEBREËRS 13:1-21

### Die Christelike lewenswandel

1As broers moet julle mekaar altyd liefhê. 2Moenie nalaat om gasvry te wees nie, want deur gasvry te wees, het sommige mense sonder dat hulle dit geweet het, engele as gaste gehuisves. 3Dink aan die gevangenes asof julle self ook gevangenes is, en aan dié wat mishandel word, asof julle self ook mishandel word.

4Die huwelik moet deur almal eerbaar gehou word. Wees in die huwelikslewe getrou aan mekaar, want ontugtiges en egbrekers sal onder die oordeel van God kom.

5Hou julle lewe vry van geldgierigheid; wees tevrede met wat julle het. God self het gesê: “Ek sal jou nooit verlaat nie, jou nooit in die steek laat nie.” 6Daarom kan ons met vertroue sê: “Die Here is my helper, ek ken geen vrees nie: wat kan 'n mens aan my doen?”

### Loof God deur Jesus Christus

7Dink aan julle voorgangers wat die woord van God aan julle verkondig het. Let op hulle lewenswandel tot die einde toe, en volg die voorbeeld van geloof wat hulle gestel het.

8Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid.

9Moet julle nie laat meevoer deur allerhande vreemde leringe nie. Die goeie is daarin geleë dat die hart deur genade versterk word, nie deur eetgebruike nie. Dié wat hulle aan hierdie gebruike gehou het, het niks daarby gebaat nie.

10Ons het 'n altaar waarvan dié wat nog die offerdiens volgens die ou orde verrig, nie die reg het om te eet nie. 11Die bloed van die offerdiere word deur die hoëpriester in die heiligdom ingebring vir die sonde, maar hulle liggame word buitekant die laer verbrand. 12Daarom het Jesus ook buitekant die stadspoort gely om die volk deur sy eie bloed van hulle sonde te reinig. 13Laat ons dan nou uitgaan na Hom toe buitekant die laer en die smaad dra wat Hy gedra het, 14want ons het in hierdie wêreld geen vaste verblyfplek nie, ons is op soek na die toekomstige. 15Laat ons dan onophoudelik deur Jesus aan God 'n offer van lof bring, dié lof wat aan Hom gebring word deur die lippe wat sy Naam bely. 16Moenie nalaat om goed te doen en mededeelsaam te wees nie, want dít is die offers wat vir God aanneemlik is.

17Julle voorgangers hou wag oor julle lewe en moet aan God rekenskap gee. Wees gehoorsaam en onderdanig aan hulle, want dan sal hulle hulle werk met vreugde kan doen en nie kla nie; anders het dit vir julle geen nut nie.

18Hou aan om vir ons te bid, want ons is daarvan oortuig dat ons gewete skoon is, omdat ons in elke opsig probeer doen wat reg is. 19Veral dring ek by julle daarop aan om te bid dat God my gou na julle toe sal laat terugkom.

### Gebed vir die lesers

20God wat vrede gee, het ons Here Jesus wat deur die bloed van die ewige verbond die groot Herder van sy kudde is, uit die dood teruggebring. 21Mag dié God julle toerus met alles wat goed is, sodat julle sy wil kan doen. Mag Hy deur Jesus Christus in ons tot stand bring wat vir Hom aanneemlik is. Aan Hom behoort die heerlikheid tot in alle ewigheid! Amen.

1. Onderstreep 'n vers of twee wat vandag met jou hart praat.


2. Beklemtoon (highlight) die dele wat iets beskryf van / oor wie Jesus is.

3. Gee 'n nuwe tema/ opskrif aan vandag se Bybelgedeelte in jou eie woorde.

4. Het jy 'n vraag nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het? (Jy hoef nie noodwendig die antwoord te hê hierop nie).

5. Wat dink jy wil God vir jou leer deur hierdie Bybelgedeelte?

6. Skryf 'n waarskuwing neer (lewenswyse) waarteen God Sy kinders wil beskerm om nie daarvolgens te leef nie.



# Dag 13 LEVITIKUS 19

## Ek is die Here julle God

1Die Here het vir Moses gesê: 2"Praat met die hele gemeente Israel en sê vir hulle: Wees heilig, want Ek die Here julle God is heilig. 3Elkeen van julle moet eerbied hê vir sy ma en sy pa. Julle moet my gebooie oor die sabbat gehoorsaam. Ek is die Here julle God. 4Julle mag nie afgode dien nie en julle mag nie vir julle afgodsbeelde maak nie. Ek is die Here julle God.

5"Wanneer julle 'n maaltydoffer vir My, die Here, slag, moet julle dit so doen dat julle vir My aanneemlik is: 6julle moet die vleis eet op die dag wanneer julle slag, of hoogstens die volgende dag. Wat oorbly tot die derde dag, moet verbrand word. 7Wie daarvan op die derde dag eet, eet iets onreins. Dit is nie vir My aanneemlik nie. 8Wie daarvan eet, is skuldig, want hy ontheilig wat aan die Here gewy is. So iemand sal van sy volksgenote afgesny word.

9"Wanneer julle julle lande afoes, moet julle nie die wenakkers afoes nie en ook nie die are wat bly lê, agterna optel nie. 10Julle moet ook nie die wingerde 'n tweede keer oes of die korrels wat val, optel nie. Laat dit alles bly vir die armes en die vreemdelinge. Ek is die Here julle God.

11"Julle mag nie steel nie en julle mag nie lieg of mekaar bedrieg nie. 12Julle mag nie 'n vals eed aflê in my Naam en so die Naam van julle God ontheilig nie. Ek is die Here.

13"Jy mag nie jou naaste uitbuit of hom beroof nie. Jy mag nie 'n dagloner se loon terughou tot die volgende dag nie. 14Uit eerbied vir jou God mag jy nie 'n dowe vloek of 'n hindernis in die pad van 'n blinde lê nie. Ek is die Here.

15"Jy mag nie onregverdig wees in die regspraak nie: jy mag nie partydig wees vir dié wat geen aansien het nie of die vooraanstaande bevoordeel nie. Oordeel regverdig oor jou naaste. 16Jy mag nie loop en skinder nie, jy mag nie jou medemens se lewe in gevaar stel nie. Ek is die Here.

17"Jy mag nie haatdraend wees teenoor jou volksgenoot nie. Maak die geskil openlik met hom uit, moenie wat hy verkeerd gedoen het, teen hom bly hou nie. 18Jy mag nie wraak neem of 'n grief koester teenoor jou volksgenoot nie, jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Ek is die Here.

19"Julle moet my voorskrifte gehoorsaam. Moenie verskillende soorte diere kruis of verskillende soorte saad in een land saai of 'n kledingstuk van verskillende soorte materiaal dra nie.

20"Wanneer die eienaar van 'n slavin reeds 'n ooreenkoms aangegaan het waarvolgens iemand anders haar as byvrou koop, en die eienaar het met haar gemeenskap voordat die prys betaal is en voordat hy van haar afstand gedoen het, moet hy aan die toekomstige eienaar skadevergoeding betaal. Hulle mag nie die doodstraf opgelê word nie, want hy het nog beskikkingsreg oor haar. 21Verder moet hy as skuldoffer vir die Here 'n ram bring na die ingang van die tent van ontmoeting toe. 22Die priester moet met die skuldofferram vir die eienaar van die slavin versoening doen by die Here oor die sonde wat gedoen is. Die sonde sal dan vergewe word.

23"Wanneer julle julle in die land vestig en allerhande soorte vrugtebome plant, mag julle drie jaar lank glad nie die vrugte pluk nie. Die vrugte is vir julle verbode. Dit mag

nie geëet word nie. 24Die vierde jaar moet
al die vrugte as 'n gawe van dankbaarheid
aan die Here gewy word. 25Van die vyfde
jaar af mag julle die vrugte gebruik. Julle sal
dan goeie opbrengste hê. Ek is die Here julle
God.

26“Julle mag nie aan heidense offermaaltye
deelneem nie. Julle mag nie waarsêery en
towery beoefen nie. 27-28Julle mag nie
heidense rougebruike navolg deur die hare
voor die ore en die wangbaard te knip of
deur snye en tatoeëermerke op julle
liggame te maak nie. Ek is die Here.

29“Niemand van julle mag sy dogter die
skande aandoen om haar 'n
tempelprostituut te laat word nie. Dit lei tot
hoerery en afskuwelike sondes in die
land. 30Julle moet my gebooie oor die
sabbat gehoorsaam en eerbied hê vir my
heiligdom. Ek is die Here. 31Moenie hulp
soek by geeste of waarsêers nie. Dit sal julle
onrein maak. Ek is die Here julle God.

32“Uit eerbied vir jou God moet jy eerbied
bewys aan oumense en hulle met respek
behandel. Ek is die Here.

33“Wanneer daar 'n vreemdeling by julle in
julle land woon, mag julle hom nie
onderdruk nie. 34Julle moet hom soos 'n
medeburger behandel en hom liefhê soos
julleself. Julle was immers self ook
vreemdelinge in Egipte. Ek is die Here julle
God.

35“Julle mag nie bedrog pleeg wanneer
julle meet of weeg of inhoud bepaal
nie. 36Julle moet 'n betroubare skaal en die
regte gewigte en inhoudsmate gebruik. Ek
is die Here julle God wat julle uit Egipte laat
wegtrek het. 37Gehoorsaam al my
voorskrifte en bepalings en leef
daarvolgens. Ek is die Here.”

1. Onderstreep ‘n vers of twee wat vir jou uitstaan.

2. Beklemtoon (‘highlight’) beloftes wat God aan Sy volk maak.

3. Skryf ‘n vers neer wat vir jou maklik is om te visualiseer (‘n prentjie van te maak).

4. Waaroor wonder jy of wil jy ‘n vraag vra nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het?

5. Wat voel jy, wil God vir jou leer deur hierdie Bybelgedeelte?

6. Hoe dink jy het God se hart gevoel toe Hy hierdie woorde aan Sy kinders oorgedra het?



## Dag 14 1 PETRUS 3

### Die gedrag van man en vrou teenoor mekaar

1-2Vrouens, julle moet aan julle mans onderdanig wees. As daar van julle is met mans wat nie die woord van God glo nie, en die mans sien hoe godvresend julle is en hoe voorbeeldig julle julle gedra, sal hulle vir Christus gewen kan word deur die gedrag van hulle vrouens. Dit sal nie eens vir julle nodig wees om 'n woord te sê nie.

3Julle skoonheid moet nie bestaan in uiterlike dinge soos haarkapsels, juwele en sierlike klere nie. 4Nee, julle skoonheid moet dié van die innerlike mens wees: blywende beskeidenheid en kalmte van gees. Dit het by God groot waarde. 5In die ou dae het die gelowige vrouens wat op God gehoop het, hulle ook so versier: hulle was aan hulle mans onderdanig. 6Sara, byvoorbeeld, was aan Abraham gehoorsaam en het met eerbied na hom verwys. As julle doen wat goed is en julle nie deur dreigemente laat afskrik nie, is julle haar dogters.

7Mans, julle moet verstandig met julle vrouens saamleef. Bewys eer aan hulle as die swakker geslag wat saam met julle deel in die lewe as genadegawe. Dan sal julle kan bid sonder dat iets julle hinder.

### Hoe elkeen hom moet gedra

8Ten slotte: Wees almal eensgesind, medelydend, liefdevol, goedhartig, nederig. 9Moenie kwaad met kwaad vergeld of belediging met belediging nie. Inteendeel, antwoord met 'n seënwens, want daartoe is julle geroep, sodat julle die seën van God kan verkry.

10Daar staan geskrywe:

"As iemand die lewe liefhet en 'n lang lewe begeer om die goeie te geniet, moet hy sy tong weerhou van kwaadpraat en sy lippe van leuens.

11Bly weg van die kwaad af en doen wat goed is, soek vrede en jaag dit na!

12Die Here sorg vir die opregtes en luister na hulle hulpgeroep, maar Hy tree op teen dié wat kwaad doen."

### Dit is 'n voorreg om te ly vir wat goed is

13Wie sal julle kwaad aandoen as julle julle beywer vir wat goed is? 14Maar selfs as julle sou ly omdat julle doen wat reg is, moet julle dit as 'n voorreg beskou. Moenie vir mense bang wees of julle laat afskrik nie. 15In julle harte moet daar net heilige eerbied wees vir Christus die Here. Wees altyd gereed om 'n antwoord te gee aan elkeen wat van julle 'n verduideliking eis oor die hoop wat in julle lewe. 16Maar doen dit met beskeidenheid en met eerbied vir God. Sorg dat julle gewete skoon bly, sodat dié wat julle oor julle goeie lewenswandel in Christus belaster, daaroor skaam kan kry dat hulle kwaad van julle gepraat het. 17As dit die wil van God mag wees dat julle moet ly wanneer julle goed doen, is dit beter só as om te ly wanneer julle kwaad doen.

18Ook Christus het een maal vir die sondes gely, die onskuldige vir die skuldiges, om julle na God te bring, Christus wat as mens doodgemaak is, maar deur die Gees lewend gemaak is. 19En so het Hy na die geeste in die gevangenis gegaan en daar sy oorwinning aangekondig. 20Dit is hulle wat aan God ongehoorsaam gebly het toe Hy groot geduld met hulle aan die dag gelê het in die tyd toe Noag die ark gebou het. Net 'n klein klompie in die ark, ag in getal, is deur die water gered. 21Dit dui op die doop, waardeur julle ook nou gered word.

Die doop is nie 'n afwassing van die vuilheid van die liggaam nie, maar 'n bede tot God om 'n skoon gewete, en dit red julle op grond van die opstanding van Jesus Christus. 22Hy is nou aan die regterhand van God nadat Hy die engele en magte en kragte aan Hom onderwerp het en die hemel ingegaan het.

1. Verhelder 'n vers of twee in kleur wat vir jou uitstaan en met jou hart praat.

2. Skryf 'n vers of sin neer, wat jy glo die hele Skrifgedeelte opsom.

____________________________________

____________________________________

____________________________________

3. Wat kom jy vir die eerste keer agter nadat jy hierdie stuk gelees het of wat besef jy opnuut nadat jy hierdie Skrif deurgelees het?

____________________________________

____________________________________

____________________________________


4. Wat dink jy wil God vir jou leer deur hierdie Bybelgedeelte?

____________________________________

____________________________________

____________________________________

5. Trek 'n sirkel om die verse wat waarhede oor die doop beskryf.



# Dag 15 PREDIKER 3

### Elke ding het sy vaste tyd

1Elke ding het sy vaste tyd, elke ding in hierdie wêreld het sy tyd:

2daar is 'n tyd om gebore te word, 'n tyd om te sterwe, 'n tyd om te plant, 'n tyd om plante uit te trek,

3'n tyd om 'n lewe te neem, 'n tyd om 'n lewe te red, 'n tyd om af te breek, 'n tyd om te bou,

4'n tyd om te huil, 'n tyd om te lag, 'n tyd om te treur, 'n tyd om van blydskap te dans,

5'n tyd om klippe weg te gooi, 'n tyd om hulle bymekaar te maak, 'n tyd om te omhels, 'n tyd om weg te bly van omhelsing af,

6'n tyd om aan te skaf, 'n tyd om te laat wegraak, 'n tyd om te spaar, 'n tyd om weg te gooi,

7'n tyd om te skeur, 'n tyd om toe te werk, 'n tyd om stil te bly, 'n tyd om te praat,

8'n tyd om lief te hê, 'n tyd om te haat, 'n tyd vir oorlog, 'n tyd vir vrede.

9Wat kry die mens vir die werk waarmee hy hom vermoei?

10Ek het gesien dat God aan die mens 'n
taak gegee het om hom mee besig te
hou. 11God het elke ding gemaak dat dit
pas in 'n bepaalde tyd, maar Hy het ook aan
die mens 'n besef gegee van die
onbepaalde tyd. Tog kan die mens die werk
van God van begin tot einde nie begryp
nie. 12Ek het tot die insig gekom dat daar
vir 'n mens niks beter is nie as om vrolik te
wees en die goeie van die lewe te
geniet. 13Dat die mens kan eet en drink en
onder al sy arbeid nog die goeie kan geniet,
ook dit is 'n gawe van God.

14Ek het tot die insig gekom dat wat God doen, blywend is: jy kan daar niks byvoeg nie en jy kan daar niks van wegneem nie. God doen dit sodat die mens vir Hom ontsag sal hê.

15Wat is, was reeds. Wat kom, was ook alreeds. God laat weer gebeur wat vroeër gebeur het.

16Verder het ek in hierdie wêreld gesien: waar daar reg moet geskied, is daar onreg; waar daar geregtigheid moet wees, is daar oortreding.

17Ek het by myself gedink: God spreek reg oor regverdige en onregverdige; daar is 'n tyd vir elke saak, ook vir wat in die regspraak gebeur.

### Almal is van stof

18Ek het by myself gedink: dit is ter wille
van die mense self dat God hulle toets;
hulle moet insien dat hulle niks anders as
diere is nie. 19Een en dieselfde lot tref
mens en dier, hulle gaan almal dood, die
een soos die ander. Almal het net een asem.
Die mens is nie beter daaraan toe as die dier
nie. Alles kom tot niks.

20Almal is op pad na dieselfde plek toe, almal is van stof en almal word weer stof.

21Wie weet of die asem van die mens opstyg boontoe en of die asem van die dier afgaan onder toe?

22Ek het gesien dat daar niks beter is nie as dat die mens vreugde vind in sy werk; dit is wat hom toekom. Wie kan hom laat sien wat ná hom sal gebeur?



1. Kleur ‘n paar vers/e  of sin/ne in wat met jou hart gesels of wat vir jou mooi is.

2. Beskryf die Prediker se doelwit terwyl hy hierdie stuk neergeskryf het.

___________________________________

___________________________________

___________________________________

3. Skryf ‘n vers neer wat ‘n waarheid oor God beskryf (wie Hy is).

___________________________________

___________________________________

___________________________________

4. Skryf ‘n mooi karaktereienskap(pe) van God neer wat jy opmerk in hierdie Skrifgedeelte.

___________________________________

___________________________________

___________________________________

5. Wat het jy geleer vanuit Prediker 3 vandag?

___________________________________

___________________________________

___________________________________



## Dag 16 RIGTERS 6:1-29

### Gideon

1Die Israeliete het gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here, en Hy het hulle sewe jaar lank oorgegee in die mag van die Midianiete. 2Hulle het die Israeliete hard behandel, en daarom het hulle langs die bergstroompies, in grotte en in ander ontoeganklike plekke gaan bly. 3Wanneer die Israeliete iets gesaai het, het die Midianiete teen hulle opgetrek saam met die Amalekiete en ander mense uit die ooste. 4Dan slaan die Midianiete kamp op en vernietig die opbrengs van die land selfs tot by Gasa se wêreld. Hulle het nie 'n dier in Israel lewend agtergelaat nie, nie 'n skaap of 'n bees of 'n donkie nie. 5Die Midianiete het met hulle veetroppe gekom en kom tent opslaan. Hulle was so baie soos sprinkane: hulle en hulle kamele kon nie getel word nie. Hulle het die land kaalgestroop. 6Hulle het die Israeliete arm laat word, en toe het die Israeliete tot die Here geroep om hulp.

7Toe hulle tot die Here roep om hulp teen die Midianiete, 8het Hy 'n man gestuur om onder die Israeliete as profeet op te tree, en hy het vir hulle gesê: "So sê die Here die God van Israel: Ek het julle uit Egipte laat wegtrek en Ek het julle uit die plek van slawerny bevry. 9Ek het julle gered uit die mag van Egipte en van almal deur wie julle verdruk is. Ek het hulle laat plek maak vir julle en Ek het hulle land vir julle gegee. 10Ek het vir julle gesê: 'Ek is die Here julle God. Julle mag nie die gode dien van die Amoriete in wie se land julle woon nie.' Maar julle het nie na My geluister nie."

11Daarna het 'n Engel van die Here gaan sit onder die groot boom in Ofra wat behoort het aan Joas die Abiësriet. Sy seun Gideon was besig om koring uit te slaan in 'n parskuip waar hy weggekruip het vir die Midianiete. 12Die Engel van die Here het aan hom verskyn en vir hom gesê: "Die Here is by jou, dapper man!"

13Maar Gideon het vir die Engel gesê: "Ekskuus, Meneer, maar as die Here by ons is, waarom kom al hierdie dinge oor ons? Waar is al sy magtige dade waarvan ons voorvaders ons vertel het toe hulle gesê het: 'Het die Here ons nie uit Egipte bevry nie?' Nou het die Here ons in die steek gelaat: Hy het ons oorgegee in die mag van die Midianiete."

14Toe het die Here na Gideon toe gedraai en vir hom gesê: "Gaan met die krag wat jy het en gaan red die Israeliete uit die mag van die Midianiete! Toe, Ek stuur jou!"

15Maar Gideon sê vir Hom: "Ekskuus, Meneer, waarmee sal ek die Israeliete gaan red? Die familie waaraan ek behoort, is die armste in die hele Manasse, en van my pa se kinders het ek die minste aansien."

16Die Here het hom geantwoord: "Ek is by jou, en jy sal die Midianiete verslaan asof hulle nie meer as een is nie."

17Gideon het vir Hom gesê: "As U so vriendelik wil wees, doen tog vir my 'n wonder dat ek seker kan wees dit is U, Here, wat met my praat! 18Moenie hiervandaan af padgee nie dat ek tog net gou 'n offer voor U kan kom neersit."

Toe sê die Here: "Ek sal wag tot jy terug is."

19Gideon het toe 'n bokkie gaan gaar maak, en van sestien kilogram meel het hy brood sonder suurdeeg gebak. Hy het die vleis in 'n mandjie gepak en die sous in 'n pan gegooi en vir die Engel van die Here gebring onder die groot boom. Toe Gideon dit naderbring, 20sê die Engel van God vir

Gideon: “Vat die vleis en die brood sonder suurdeeg en sit dit op hierdie rots en gooi die sous daaroor.”

Hy het so gemaak, 21en toe raak die Engel van die Here met die punt van die stok in sy hand aan die vleis en die brood. 'n Vuur het uit die rots uit opgevlam en die vleis en die brood verteer. Daarna is Hy van Gideon af weg.

22Gideon het besef dat dit die Engel van die Here was, en hy het uitgeroep: “Ag, Here my God, ek het die Engel van die Here van aangesig tot aangesig gesien!”

23Toe sê die Here vir Gideon: “Wees gerus! Moenie bang wees nie! Jy sal nie sterf nie!”

24Gideon het net daar 'n altaar vir die Here gebou en dit genoem: “Die Here gee rus!” Die altaar staan vandag nog in Ofra van die Abiësriete. 25Daardie nag het die Here vir Gideon gesê: “Vat 'n groot bul, die sewe jaar oud bul van jou pa, sy tweede bul, breek jou pa se altaar vir Baäl af en kap die gewyde paal daar langsaan af. 26Bou dan 'n netjiese altaar vir die Here jou God bo-op daardie versterkte plek en vat die bul en offer dit as brandoffer. Jy moet die hout gebruik van die gewyde paal wat jy afgekap het.”

27Gideon het tien van sy slawe gevat en gedoen wat die Here hom beveel het. Hy het dit in die nag gedoen: hy was bang vir sy pa se familie en vir die stad se mense om dit oordag te doen. 28Toe die stad se mense die volgende môre opstaan, was Baäl se altaar afgebreek en die gewyde paal daar langsaan afgekap en was die bul 'n brandoffer op die altaar wat gebou is. 29Hulle het vir mekaar gevra: “Wie het dit gedoen?”

Hulle het oral navraag gedoen, en daar is gesê: “Dit is Gideon seun van Joas! Hy het dit gedoen!”

1. Onderstreep ‘n vers of twee wat vir jou uitstaan.

2. Waaroor wonder jy of wil jy ‘n vraag vra nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het?

3. Wat dink jy wil God vir jou leer of bewus van maak deur hierdie Bybelgedeelte?

4. Beskryf ‘n karaktereienskap van Gideon wat jy bewonder.

5. Beskryf ‘n karaktereienskap van God wat in hierdie verhaal uitgebeeld word.



# Dag 17 MATTEUS 18

## Die belangrikste in die koninkryk

1In daardie tyd het die dissipels by Jesus gekom met die vraag: "Wie is die belangrikste in die koninkryk van die hemel?"

2Hy het 'n kindjie nader geroep en hom tussen hulle laat staan 3en gesê: "Dit verseker Ek julle: As julle nie verander en soos kindertjies word nie, sal julle beslis nie in die koninkryk van die hemel kom nie. 4Wie homself gering ag soos hierdie kindjie, hy is die belangrikste in die koninkryk van die hemel. 5En wie so 'n kindjie in my Naam ontvang, ontvang My."

## Aanleiding tot afvalligheid

6"Elkeen wat een van hierdie kleintjies wat in My glo, van My afvallig maak, vir hom is dit beter as hy met 'n groot meulsteen aan sy nek in die diep see verdrink. 7Hoe jammer tog vir die wêreld dat daar dinge is wat die mens afvallig maak! Sulke dinge kom noodwendig, maar wee die mens deur wie dit kom.

8"As jou hand of jou voet jou van My afvallig maak, kap hom af en gooi hom van jou af weg. Dit is vir jou beter om vermink of kreupel die lewe in te gaan as om met altwee jou hande of voete in die ewige vuur gegooi te word. 9En as jou oog jou van My afvallig maak, ruk hom uit en gooi hom van jou af weg. Dit is vir jou beter om met een oog die lewe in te gaan as om met altwee oë in die vuur van die hel gegooi te word."

## Die gelykenis van die verlore skaap

10"Julle moet nooit een van hierdie kleintjies minag nie, want Ek verseker julle dat hulle engele in die hemel gedurigdeur by my hemelse Vader is.

12"Hoe dink julle? As iemand honderd skape het en een van hulle raak weg, sal hy nie die nege en negentig daar in die bergveld laat staan en die een wat weg is, gaan soek nie? 13En as hy hom kry, verseker Ek julle, is hy blyer oor hom as oor die nege en negentig wat nie weggeraak het nie. 14So is dit ook nie die wil van julle Vader in die hemel dat een van hierdie kleintjies verlore moet gaan nie."

## 'n Broer wat sondig

15"As jou broer verkeerd opgetree het teen jou, gaan wys hom tereg waar julle eenkant alleen is. As hy na jou luister, het jy jou broer teruggewen. 16Maar as hy nie luister nie, neem nog een of twee met jou saam, sodat alles wat gesê word, deur die woord van twee of drie getuies bevestig kan word. 17En as hy na hulle nie luister nie, sê dit vir die gemeente. As hy ook na die gemeente nie luister nie, moet jy hom as 'n heiden en 'n tollenaar behandel.

18"Dit verseker Ek julle: Wat julle ook al op die aarde toesluit, sal in die hemel toegesluit bly; en wat julle ook al op die aarde oopsluit, sal in die hemel oopgesluit bly. 19Verder verseker Ek julle: As twee van julle op aarde oor enige saak saamstem en daaroor bid, sal my Vader wat in die hemel is, hulle dit laat kry, 20want waar twee of drie in my Naam saam is, daar is Ek by hulle."

## Die plig om te vergewe

21Daarna het Petrus na Jesus toe gekom en gevra: "Here, hoeveel keer moet ek my broer vergewe as hy iets verkeerds teen my doen? Selfs sewe keer?"

22Jesus antwoord hom: “Ek sê vir jou, nie sewe keer nie maar selfs sewentig maal sewe keer. 23Daarom kan die koninkryk van die hemel vergelyk word met 'n koning wat besluit het om saam met sy amptenare hulle boeke na te gaan. 24Toe hy daarmee begin, is een amptenaar na hom toe gebring wat miljoene rand geskuld het. 25Hy kon dit nie betaal nie, en daarom het die koning beveel dat hy en sy vrou en sy kinders en alles wat hy het, verkoop en die skuld betaal moet word. 26Die man het voor hom neergeval en gesoebat: ‘Gee my tog uitstel; ek sal u alles terugbetaal.’ 27Die koning het hom jammer gekry, hom laat gaan en sy skuld afgeskryf.

28“Toe daardie man buite kom, het hy een van sy medeamptenare raakgeloop wat hom net 'n paar rand geskuld het. Hy het hom gegryp en gewurg, en gesê: ‘Betaal wat jy skuld!’ 29Sy medeamptenaar het voor hom neergeval en hom gesmeek: ‘Gee my tog uitstel, ek sal jou betaal.’ 30Maar hy wou nie en hy is daar weg om hom in die tronk te laat gooi totdat hy die skuld betaal het.

31“Toe sy medeamptenare sien wat gebeur het, was hulle diep teleurgesteld, en hulle het alles wat gebeur het, vir hulle koning gaan vertel. 32Die koning het hom laat haal en vir hom gesê: ‘Jou skurk! Al daardie skuld het ek vir jou afgeskryf omdat jy my gesoebat het. 33Moes jy nie ook jou medeamptenaar jammer gekry het soos ek jou jammer gekry het nie?’ 34Die koning was woedend en het hom oorgegee om gemartel te word totdat hy al die skuld betaal het.

35“So sal my Vader wat in die hemel is, ook met julle maak as julle nie elkeen sy broer van harte vergewe nie.”



1. Omkring ‘n vers of twee wat jou oog gevang het soos jy daardeur gelees het.

2. Beklemtoon in kleur (‘highlight’) verse wat karkatereienskappe of waarhede van God beskryf en vir ewig waar is.

3. Skryf ‘n sin of twee neer wat jy glo die Skrifgedeelte opsom of saamvat.

______________________________

______________________________

______________________________

4. Waaroor wonder jy nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het?

______________________________

______________________________

______________________________

5. Wat dink jy wil God vir jou leer deur hierdie Bybelgedeelte?

______________________________

______________________________

______________________________

6. Waarvan het jy weer vandag opnuut bewus van geword ?

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

## Dag 18 NUMERI 9

### Die tweede paasfees

1Die Here het met Moses gepraat. Dit was in die Sinaiwoestyn, die eerste maand van die tweede jaar ná die uittog uit Egipte. Hy het vir hom gesê: 2-3"Op die vasgestelde tyd, teen sonsondergang, op die veertiende dag van hierdie maand, moet die Israeliete die paasfees vier. Julle moet dit doen op die vasgestelde tyd volgens die voorskrifte en bepalings wat daarvoor geld."

4Moses het die Israeliete toe opdrag gegee om die paasfees te vier. 5Hulle het dit gedoen in die Sinaiwoestyn teen sonsondergang op die veertiende dag van die eerste maand, presies soos die Here vir Moses beveel het. So het die Israeliete gedoen.

6Maar daar was persone wat die paasfees nie op daardie dag kon vier nie omdat hulle aan 'n lyk geraak het en dus onrein was. Hierdie manne het dieselfde dag nog na Moses en Aäron toe gekom en vir hulle gesê: 7"Ons is onrein, want ons het aan 'n lyk geraak, maar waarom word ons daarvan weerhou om op die bestemde tyd saam met die ander Israeliete 'n offergawe aan die Here te bring?"

8Moses het toe vir hulle gesê: "Wag tot ek verneem het wat die Here oor julle beveel."

9Die Here het toe vir Moses gesê: "Praat met die Israeliete en sê vir hulle: 10As een van julle of julle nakomelinge deur 'n lyk onrein is, of op 'n ver reis is, mag hy nogtans die paasfees vir die Here vier. 11Maar dan moet hulle dit in die tweede maand, op die veertiende van die maand, teen sonsondergang vier. Hulle moet die paaslam eet saam met die ongesuurde brood en bitter kruie. 12Hulle mag niks daarvan tot die volgende môre laat oorbly nie en hulle mag ook geen been van die lam breek nie. Hulle moet die paasfees stiptelik volgens al sy voorskrifte vier. 13Maar as 'n persoon rein is en nie op reis is nie en nogtans in gebreke bly om die paasfees op die gewone tyd te vier, moet hy van sy volksgenote afgesny word omdat hy nagelaat het om 'n offergawe op die bestemde tyd aan die Here te bring. Dié man moet die gevolge van sy sonde dra.

14"As 'n vreemdeling wat by julle woon, die paasfees vir die Here wil vier, moet hy dit volgens die bestaande voorskrifte en bepalings doen. Een en dieselfde voorskrif geld vir julle almal: vir die vreemdeling en vir die landsburger."

### Die wolk bo die tabernakel

15Die dag toe die tabernakel, die tent met die getuienis, opgerig is, het 'n wolk dit oordek. In die aand het die wolk oor die tabernakel soos vuur geword en dit het so gebly tot die môre toe. 16So was dit deurentyd. Die wolk het die tabernakel oordek en snags was dit soos vuur. 17Elke keer nadat die wolk van die tent af opgetrek het, het die Israeliete weggetrek, en op die plek waar die wolk afkom, daar het die Israeliete kamp opgeslaan. 18Op bevel van die Here het die Israeliete weggetrek, en op sy bevel het hulle kamp opgeslaan; gedurende die hele tyd dat die wolk op die tabernakel gerus het, het hulle in die kamp gebly. 19Wanneer die wolk 'n geruime tyd op die tabernakel gerus het, het die Israeliete die diens van die Here waargeneem en nie weggetrek nie. 20Soms het die wolk net 'n paar dae op die tabernakel gerus. Wat die geval ook al was, op die bevel van die Here het hulle kamp opgeslaan en op sý bevel het hulle

weggetrek. 21Soms was die wolk net van die aand af tot die volgende môre toe daar, en as dit dan in die môre optrek, het die volk weggetrek. Of dit bedags of snags was, as die wolk optrek, het hulle weggetrek. 22As die wolk 'n paar dae of 'n maand of 'n jaar of langer op die tabernakel rus, het die Israeliete in die kamp gebly en nie weggetrek nie, maar sodra dit optrek, het hulle weggetrek. 23Op die bevel van die Here het hulle kamp opgeslaan en op sy bevel het hulle weggetrek. Hulle het die diens van die Here onderhou soos die Here deur middel van Moses beveel het.

1. Onderstreep 'n vers of twee wat vir jou uitstaan.

2. Kleur sinne in ('highlight') wat opdragte van God aan Sy kinders beskryf.

3. Is daar iets nuuts wat jy vandag raakgelees of net weer opnuut van bewus geword het?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

4. Waaroor wonder jy of wil jy 'n vraag vra nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het? (Jy hoef nie noodwendig 'n antwoord hierop te hê nie).

___________________________________

___________________________________

___________________________________

5. Wat dink jy wil God vir jou sê deur hierdie Skrifgedeelte?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

6. Van watter karaktereienskap van God word jy bewus nadat jy deur die verse gelees het?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

7. Watter natuur-simbole word hier gebruik om God se teenwoordigheid by Sy volk voor te stel?

___________________________________

___________________________________

___________________________________



# Dag 19 MARKUS 16

## Jesus het opgestaan

1Toe die sabbatdag verby was, het Maria Magdalena en Maria die ma van Jakobus, en Salome reukolie gekoop om die liggaam daarmee te gaan balsem.

2Die Sondagmôre baie vroeg kom hulle by die graf aan net toe die son opkom. 3Hulle vra toe vir mekaar: “Wie sal vir ons die klip voor die ingang van die graf wegrol?”

4Die klip was baie groot, maar toe hulle opkyk, sien hulle dat dit klaar weggerol is. 5Toe hulle in die graf ingaan, sien hulle 'n jongman aan die regterkant sit met lang wit klere aan, en hulle het groot geskrik.

6“Moenie skrik nie!” sê hy vir hulle. “Julle soek Jesus van Nasaret, wat gekruisig is. Hy is uit die dood opgewek. Hy is nie hier nie. Kyk, daar is die plek waar hulle Hom neergelê het. 7Maar gaan sê vir sy dissipels en in die besonder vir Petrus: Hy gaan julle vooruit na Galilea toe. Daar sal julle Hom sien soos Hy vir julle gesê het.”

8Hulle het uit die graf uitgegaan en weggehardloop terwyl hulle gebewe het van die skrik. Hulle het vir niemand anders iets daarvan gesê nie, want hulle was bang.

## Jesus verskyn na sy opstanding

9Ná Jesus se opstanding vroeg die Sondagmôre, het Hy heel eerste aan Maria Magdalena verskyn, uit wie Hy vantevore sewe bose geeste uitgedrywe het. 10Sy het dit vir sy dissipels gaan vertel wat oor Hom getreur en gehuil het. 11Alhoewel hulle by haar gehoor het dat Hy lewe en dat sy Hom gesien het, het hulle haar tog nie geglo nie.

12Daarna het Jesus met 'n ander voorkoms aan twee van hulle verskyn terwyl hulle op pad was na die platteland toe. 13Hulle het dit vir die ander dissipels gaan vertel, maar dié het selfs vir húlle ook nie geglo nie.

14Later het Jesus aan die elftal self verskyn terwyl hulle aan tafel was. Hy het hulle verwyt oor hulle ongeloof en hardheid van hart omdat hulle dié wat Hom ná sy opstanding gesien het, nie geglo het nie. 15Hy het vir hulle gesê: “Gaan uit, die hele wêreld in, en verkondig die evangelie aan die hele mensdom. 16Wie tot geloof gekom het en gedoop is, sal gered word; wie nie glo nie, sal veroordeel word. 17Die volgende wondertekens sal voorkom by dié wat glo: in my Naam sal hulle bose geeste uitdrywe; in ander tale sal hulle praat; 18met hulle hande sal hulle slange optel, en as hulle iets drink wat dodelik giftig is, sal dit hulle geen kwaad doen nie; hulle sal siekes die hande oplê, en dié sal gesond word.”

19Nadat die Here Jesus dit vir hulle gesê het, is Hy in die hemel opgeneem en het Hy aan die regterhand van God gaan sit. 20Hulle het toe die evangelie oral gaan verkondig, en die Here het met hulle saamgewerk en hulle prediking bekragtig deur die wondertekens wat daarop gevolg het.

1. Onderstreep ‘n vers of twee wat jou oog vang.

2. Kleur die verse in (‘highlight’) wat die optrede van die mense beskryf nadat Jesus in die Hemel opgeneem is.

3. Skryf ‘n opsommende sin neer, wat jy glo die tema of hart van die Skrifgedeelte beskryf.

___________________________________

___________________________________

___________________________________

4. Waaroor wonder jy of wil jy ‘n vraag vra nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

5. Wat dink jy wil God vir jou leer deur hierdie Bybelgedeelte vandag?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

6. Watter waarheid / waarhede wat Jesus aan die mense geleer het, staan vandag vir jou uit?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

7. Watter wondertekens wat Jesus noem, wat by gelowiges sal voorkom, sien jy steeds vandag?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

___________________________________



# Dag 20 1 SAMUEL 3

## Die eerste openbaring aan Samuel

1Die seun Samuel het die Here gedien onder toesig van Eli. Die woord van die Here is in daardie tyd min gehoor, daar was nie dikwels openbarings nie. 2Eli se oë het al swak begin word, hy kon nie meer goed sien nie. Vroeg een môre het Eli nog op sy slaapplek gelê, 3en die lamp van God het nog helder gebrand. Samuel het ook nog gelê in die tempel van die Here waar die ark van God was, 4en toe roep die Here na Samuel.

Samuel het geantwoord: "Ek kom!"

5Hy het na Eli toe gehardloop en gesê: "Hier is ek, want u het my geroep."


Maar Eli sê: "Ek het nie geroep nie! Gaan lê maar weer." En Samuel het gaan lê.

6Die Here het weer na Samuel geroep, en hy het opgestaan, na Eli toe gegaan en gesê: "Hier is ek, want u het my geroep."

Toe sê Eli: "My seun, ek het nie geroep nie! Gaan lê maar weer."

7Maar Samuel het nog nie die Here geken nie, want die woord van die Here was nog nie voorheen aan hom geopenbaar nie. 8Die Here het Samuel toe 'n derde keer geroep, en hy het opgestaan en na Eli toe gegaan en gesê: "Hier is ek, want u het my geroep."

Toe besef Eli dat die Here die seun geroep het, 9en Eli sê vir Samuel: "Gaan lê en as iemand jou weer roep, sê jy: Praat, Here, u dienaar luister!" Samuel het toe gegaan en op sy slaapplek gaan lê.



10Die Here het gekom en gaan staan en soos die vorige kere geroep: "Samuel, Samuel!"

En Samuel sê: "Praat, Here, u dienaar luister!"

11Die Here sê toe vir Samuel: "Ek gaan 'n ding in Israel doen wat elkeen wat daarvan hoor, se twee ore sal laat tuit. 12Op daardie dag sal Ek vir Eli alles voltrek wat Ek oor sy familie aangekondig het, van begin tot end. 13Ek het aan hom bekend gemaak dat Ek sy familie vir altyd gaan straf oor die ongeregtigheid waarvan hy geweet het. Ja, toe sy seuns die vloek oor hulle gebring het, het hy hulle nie bestraf nie. 14Daarom bevestig Ek met 'n eed aangaande die familie van Eli: die ongeregtigheid van Eli se familie sal sekerlik nooit deur diereoffer of graanoffer versoen word nie."

15Daarna het Samuel gaan lê tot die oggend, en toe die deure van die huis van die Here oopgemaak. Hy was bang om die openbaring aan Eli te gaan vertel. 16Maar Eli het vir Samuel geroep en gesê: "Samuel, my seun!" Hy het gesê: "Ek kom!"

17Eli sê toe: "Wat het die Here met jou gepraat? Moenie iets vir my wegsteek nie. God sal jou met die dood straf as jy iets van wat Hy aan jou bekend gemaak het, vir my wegsteek."

18Toe vertel Samuel hom alles; hy het niks weggesteek nie. En Eli het gesê: "Hy is die Here, laat Hom doen soos Hy wil."

## Samuel, 'n betroubare profeet

19Samuel het grootgeword. Die Here was by hom en het nie een van Samuel se woorde onvervul gelaat nie. 20Die hele Israel van noord tot suid het gemerk dat Samuel betroubaar was as profeet van die Here. 21Die Here het toe weer in Silo

verskyn, want Hy het Hom in Silo aan Samuel geopenbaar deur die woord van die Here.

1. Onderstreep 'n vers of twee wat vir jou uitstaan.

2. Waaroor wonder jy nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

3. Wat dink jy wil God vir jou leer deur hierdie Bybelgedeelte?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

4. Hoe kan jy dieselfde as Sameul optree, of leer vanuit sy optrede?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

5. Omkring en skryf in jou eie woorde 'n waarheid neer van wie God is / 'n karkatereienskap van God, wat jy vanuit die Bybelgedeelte raaklees.

___________________________________

___________________________________

___________________________________



## Dag 21 DIE OPENBARING 22

1Toe het die engel my die rivier met die water van die lewe gewys. Dit is helder soos kristal en dit stroom uit die troon van God en van die Lam uit. 2Tussen die hoofstraat van die stad aan die een kant en die rivier aan die ander kant staan die boom van die lewe. Hy dra twaalf keer per jaar vrugte: elke maand lewer hy sy vrugte. Die blare van die boom bring genesing vir die nasies.

3Daar sal niks meer wees wat deur God vervloek is nie. Die troon van God en van die Lam sal in die stad wees, en sy dienaars sal Hom dien. 4Hulle sal Hom sien, en sy Naam sal op hulle voorkoppe wees. 5Daar sal nie meer nag wees nie. Die mense het nie die lig van 'n lamp en die lig van die son nodig nie, omdat die Here God hulle sal verlig, en hulle sal tot in alle ewigheid regeer.

### Die wederkoms van Jesus

6Toe sê die engel vir my: "Hierdie woorde is betroubaar en waar. Die Here God, wat sy Gees aan die profete gee, het sy engel gestuur om vir sy dienaars te wys wat binnekort moet gebeur."

7Jesus sê toe: "Kyk, Ek kom gou! Geseënd is elkeen wat die woorde van hierdie profetiese boek ter harte neem."

8Dit is ek, Johannes, wat dit alles gehoor en gesien het. Toe ek dit gehoor en gesien het, het ek voor die voete van die engel wat dit alles vir my gewys het, op my knieë neergeval om hom te aanbid.

9"Pas op, moenie!" sê hy toe vir my. "Ek is 'n mededienaar van jou en van jou medegelowiges, die profete en dié wat die woorde van hierdie boek ter harte neem. Aanbid God!"

10Verder sê hy vir my: "Moenie die woorde van hierdie profetiese boek geheim hou nie, want die eindtyd is naby. 11Wie kwaad doen, moet voortgaan om kwaad te doen, en wie vuil is, moet vuil bly; maar wie doen wat reg is, moet voortgaan om reg te doen, en wie heilig is, moet heilig bly."

12Jesus sê toe weer: "Kyk, Ek kom gou! Ek bring die loon saam met My om elkeen te beloon vir wat hy gedoen het. 13Ek is die Alfa en die Omega, die Eerste en die Laaste, die Begin en die Einde.

14"Geseënd is dié wat hulle klere was, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en deur die poorte in die stad kan ingaan. 15Buitekant is die dwaalleraars, die bedrieërs en die onsedelikes, die moordenaars en die afgodsdienaars en almal wat valsheid liefhet en doen.

16"Ek, Jesus, het my engel gestuur om dit alles aan julle in die gemeentes te betuig. Ek is die Wortel, dit is, die Nakomeling van Dawid. Ek is die helder Môrester."

17Die Gees en die bruid sê: "Kom!"

En elkeen wat dit hoor, moet sê: "Kom!"

En elkeen wat dors het, moet kom;

elkeen wat die water van die lewe wil hê, moet dit kom kry, verniet!

18Ek betuig aan almal wat die woorde van hierdie profetiese boek hoor: As iemand iets hieraan byvoeg, sal God vir hom die plae byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is; 19en as iemand een van die woorde van hierdie profetiese boek wegneem, sal God sy deel aan die boom van die lewe en aan die heilige stad wegneem waarvan in hierdie boek geskrywe is.

20Hy wat dit alles getuig, sê:

"Ja, Ek kom gou!"

Amen! Kom, Here Jesus!

21Die genade van die Here Jesus sal by almal wees.

1. Onderstreep 'n vers of twee wat vir jou mooi is.

2. Omkring die woorde van Jesus.

3. Verhelder ('highlight') die verskillende beskrywings wat Jesus noem, wie Hy is.

4. Waaroor wil jy 'n vraag vra nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

5. Waarvan dink jy, wil God vir jou bewusmaak of wat wil Hy jou leer deur hierdie Bybelgedeelte?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

6. Waaroor wonder jy nadat jy hierdie verse gelees het?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

7. Maak 'n sterretjie by 'n vers wat vir jou visueel voorkom (wat jy maklik as 'n prentjie in jou verbeelding kan raaksien).

8. Trek 'n pyltjie by die verse waar daar na die Heilige Gees verwys word.



# Dag 22 MALEAGI 3

1Ek gaan nou my boodskapper stuur, Hy sal die pad voor My uit regmaak, en dan sal die Here na wie julle soek,skielik na sy tempel toe kom.

Ja, die Verbondsengel na wie julle met soveel vreugde uitsien,gaan nou kom, sê die Here die Almagtige. 2Maar wie kan die koms van dié Engel verdra, wie kan standhou wanneer Hy verskyn?

Hy is soos die vuur van die smelters en soos die seep van die wassers. 3Soos iemand wat silwer smelt en suiwer, so sal Hy as regter gaan sit om die Leviete te suiwer, om hulle te louter soos goud en silwer, sodat hulle aan die Here 'n offer kan bring wat bestaan uit regdoen.

4Dan sal die offer van Juda en Jerusalem weer aanneemlik wees vir die Here soos in die ou tyd, soos in jare lank verby.

5Dan sal Ek na julle toe kom as regter: Ek sal sonder versuim regspreek teen dié wat hulle met toordery ophou, teen die egbrekers en dié wat vals ede aflê, teen dié wat die dagloner te kort doen, die weduwee en die weeskind veronreg en die vreemdeling verdring, teen dié wat nie vir My eerbied het nie, sê die Here die Almagtige.

### Bring die volle tiende

6Ek, die Here, het nie verander nie, daarom het julle nie te gronde gegaan nie, nageslag van Jakob.

7Van julle voorvaders se tyd af het julle van my voorskrifte afgewyk en nie daarvolgens geleef nie. Bekeer julle tot My, dan sal Ek terugkom na julle toe, sê die Here die Almagtige.



Maar julle vra: "Waarom moet ons ons bekeer?" 8Sal 'n mens werklik vir God beroof? Tog beroof julle My. Julle vra: "Waarvan beroof ons U?" Van tiendes en offergawes.

9Daar rus alreeds 'n vloek op julle en tog bly julle My beroof; die hele nasie doen dit.

10Bring die volle tiende na die voorraadkamer toe sodat daar iets te ete in my huis kan wees, en toets My hierin, sê die Here die Almagtige. Toets My of Ek nie die vensters van die hemel vir julle sal oopmaak en vir julle reën sal uitgiet, meer as wat julle kan gebruik nie.

11Ek sal die sprinkane keer dat hulle nie die oes op julle land vernietig nie, en dat julle wingerde nie sonder vrugte is nie, sê die Here die Almagtige.

12Dan sal al die nasies julle as gelukkige mense beskou; julle sal in 'n begeerlike land woon, sê die Here die Almagtige.

### Die son van redding sal skyn

13Julle het vermetele dinge oor My kwytgeraak, sê die Here. Maar julle vra: "Wat het ons oor U gesê?"

14Julle het gesê: "Dit is nutteloos om God te dien. Watter nut het dit dat ons sy bevel uitgevoer het en in rouklere rondgeloop het voor Hom, die Here die Almagtige?

15Dit lyk vir ons of dié wat teen Hom in opstand is, die gelukkiges is, en of dié wat verkeerd doen, vooruitgaan. Hulle daag God uit en kom vry!"

16Toe het die mense wat eerbied vir die Here het, onder mekaar geredeneer, en die Here het dit gehoor en daarop ag geslaan. Daar is 'n gedenkboek voor Hom geskryf

met die name van dié wat eerbied vir die Here het en waarde heg aan sy Naam.

17Hulle sal vir My 'n kosbare besitting wees die dag as Ek ingryp, sê die Here die Almagtige. Ek sal goed wees vir hulle, soos iemand goed is vir sy seun wat vir hom werk.

18Dan sal julle weer die verskil sien tussen wie goed doen en wie goddeloos is, tussen wie My dien en wie My nie dien nie.

1. Onderstreep ‘n vers of twee wat vir jou uitstaan of jou oog vang.

2. Hoe kan jy uit God se volk se voorbeeld of optrede leer?

3. Kleur die vers in (‘highlight’) wat ‘n waarheid oor wie God is en hoe Hy optree, beskryf.

4. Wat dink jy is God se boodskap aan jou vanuit hierdie Bybelgedeelte?

5. Soos wat jy deur Maleagi lees, van watter karaktereienskap(e) van God word jy bewus?

6. Waaroor wonder jy of wil jy ‘n vraag vra nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het?

7. Noem ‘n paar verkeerde optredes wat Maleagi hier uitwys, wat kinders van God nie moet uitleef nie.



## Dag 23 2 TIMOTEUS 2

### Die goeie soldaat van Christus

1Jy dan, my seun, wees sterk deur die genade wat ons in Christus Jesus het. 2Wat jy my voor baie getuies hoor verkondig het, moet jy toevertrou aan betroubare manne wat bekwaam sal wees om dit ook aan ander te leer.

3Dra jou deel van die ontberings soos 'n goeie soldaat van Christus Jesus. 4'n Soldaat in aktiewe diens wat sy bevelvoerder tevrede wil stel, bemoei hom nie met die dinge van die gewone lewe nie. 5'n Atleet wat aan 'n wedstryd deelneem, kan die prys wen slegs as hy volgens die reëls meeding. 6Die boer wat die harde werk doen, behoort eerste 'n deel van die oes te kry. 7Dink na oor wat ek sê; die Here sal jou insig gee om alles te verstaan.

8Onthou altyd dat Jesus Christus, 'n nakomeling van Dawid, uit die dood opgewek is. Dit is die evangelie wat ek verkondig. 9Vir hierdie evangelie ly ek verdrukking, selfs in boeie soos 'n misdadiger, maar die woord van God kan nie geboei word nie. 10Daarom verdra ek alles ter wille van die uitverkorenes, sodat ook hulle die verlossing, wat daar in Christus Jesus is, en die ewige heerlikheid kan ontvang. 11Dit is 'n betroubare woord:

As ons saam met Hom gesterf het, sal ons ook saam met Hom lewe;

12as ons in die geloof volhard, sal ons saam met Hom regeer;

as ons Hom verloën, sal Hy ons ook verloën;

13as ons ontrou is – Hy bly getrou:

Hy kan Homself nie verloën nie.

### Die arbeider wat goedkeuring wegdra

14Hou aan om die gelowiges aan hierdie dinge te herinner en vermaan hulle ernstig voor God om op te hou stry oor woorde. Dit het geen nut nie en is net skadelik vir die hoorders. 15Lê jou daarop toe om jou tot beskikking van God te stel as 'n arbeider wat die goedkeuring van God wegdra, 'n arbeider wat hom vir sy werk nie hoef te skaam nie, wat die woord van die waarheid suiwer verkondig. 16Maar die onheilige en sinlose praatjies moet jy vermy, want dié wat dit versprei, sal nog verder in goddeloosheid verval, 17en hulle woorde sal voortvreet soos kanker. Onder hulle is daar Himeneus en Filetus, 18wat van die waarheid afgedwaal het deur te sê dat die opstanding alreeds plaasgevind het. Daarmee vernietig hulle die geloof van sommige. 19Nogtans, die hegte fondament wat God gelê het, staan vas met dié woorde daarop gegraveer:

"Die Here ken dié wat aan Hom behoort,"

en:

"Elkeen wat sê dat hy aan die Here behoort,

moet wegbreek van die ongeregtigheid."

20In 'n groot huis is daar nie alleen voorwerpe van goud en silwer nie, maar ook van hout en klei. Sommige is vir besondere gebruik en ander vir die alledaagse. 21As iemand hom van die kwaad gereinig het, sal hy 'n voorwerp vir besondere gebruik wees. Dan sal hy vir die eienaar afgesonder en bruikbaar wees, voorberei vir enige goeie diens.

22Vermy die begeertes wat 'n jongmens in gevaar bring, en streef na opregtheid, geloof, liefde en vrede, saam met almal wat uit 'n rein hart die Here aanroep. 23Moet jou nie met dwase en sinlose strydvrae

inlaat nie, want jy weet tog dat dit net rusies veroorsaak. 24'n Dienaar van die Here moenie rusie maak nie. Inteendeel, hy moet vriendelik wees teenoor almal, bekwaam om ander te leer en iemand wat onreg kan dra. 25Met vriendelikheid moet hy teenstanders teregwys. Dit kan wees dat God hulle bekeer en hulle tot kennis van die waarheid bring. 26Dan sal hulle weer tot nugtere insig kom en vry raak uit die vangstrik van die duiwel, waarmee hy hulle gevange gehou het om sy wil te gehoorsaam.

1. Onderstreep 'n vers of twee wat vir jou uitstaan.

2. Beklemtoon ('highlight') die vers(e) wat beskryf hoe God wil hê dat ons, Sy kinders moet lewe.

3. Skryf iets neer waarvan jy vandag opnuut bewus geword het en jy glo God onder jou aandag wil bring.

____________________________________

____________________________________

____________________________________

4. Waaroor wonder jy of wil jy 'n vraag vra nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het?

____________________________________

____________________________________

____________________________________

5. Wat dink jy wil God vir jou leer deur hierdie Bybel gedeelte?

____________________________________

____________________________________

____________________________________

6. Vanuit die Skrifgedeelte, skryf 'n paar leefwyses / optredes neer wat nie pas by 'n kind van God se lewe nie.

____________________________________

____________________________________

____________________________________



## Dag 24 DEUTERONOMIUM 11

### Julle moet die Here liefhê en gehoorsaam

1"Julle moet die Here julle God liefhê en altyd sy opdragte gehoorsaam: al sy voorskrifte en bepalings en gebooie. 2Vandag weet julle hoe die Here julle onderrig het, want julle, en nie julle kinders nie, het dit beleef en gesien: sy grootheid, sy magtige dade, sy wonderdade, 3sy tekens, alles wat Hy in Egipte gedoen het met die farao, koning van Egipte, en sy hele land. 4Julle het beleef wat Hy gedoen het met die leër van Egipte, sy perde en sy strydwaens wat die Here deur die water van die Rietsee laat verswelg het toe hulle julle agtervolg het. Die Here het hulle mag so gebreek dat hulle nou nog nie herstel het nie.

5"Julle het self beleef wat Hy vir julle gedoen het in die woestyn en totdat julle tot hier gekom het, 6wat Hy gedoen het met Datan en Abiram, seuns van Eliab seun van Ruben, toe die aarde oopgeskeur het en hulle en hulle familie en hulle eiendom, selfs al hulle vee ingesluk het voor die oë van al die Israeliete. 7Met julle eie oë het julle al hierdie groot dade gesien wat die Here gedoen het.

8"Julle moet alles gehoorsaam wat ek julle vandag beveel, sodat julle sterk kan optree en die land wat julle gaan verower, kan binnegaan en in besit neem. 9As julle gehoorsaam is, sal julle baie lank bly woon in die land wat die Here met 'n eed beloof het om aan julle voorvaders en hulle nageslag te gee. Dit is 'n land wat oorloop van melk en heuning. 10Die land wat julle in besit gaan neem, is nie soos Egipte waar julle vandaan kom nie, waar julle julle saad gesaai het en wat julle dan met baie moeite natgelei het asof dit 'n groentetuin is. 11Die land wat julle in besit gaan neem, is 'n land met berge en vlaktes en word nat gemaak met reënwater. 12Dit is 'n land waarvoor die Here jou God sorg: van nuwejaarsdag af tot oujaarsdag toe hou Hy ononderbroke sy oog daaroor.

13"As julle al die gebooie wat ek julle vandag gee, stiptelik gehoorsaam en die Here julle God liefhet en dien met hart en siel, 14sal Hy vir julle land sy reën gee op die regte tyd, lente- en somerreëns, en julle sal koring, wyn en olie oes. 15Die Here sal sorg vir groen gras op julle veld vir julle vee, en julle sal oorgenoeg hê om te eet.

16"Pas op dat julle nie verlei word om ander gode te gaan dien en vereer nie, 17want dan sal die toorn van die Here teen julle ontvlam, en Hy sal dit nie laat reën nie, die aarde sal nie meer sy opbrengs lewer nie, en julle sal baie gou verdwyn uit die goeie land wat die Here aan julle gee. 18Hierdie woorde van die Here moet julle lewe vul. Julle moet dit as herinneringsteken vasbind aan julle hande en dit moet 'n merk op julle voorkoppe wees.

19"Leer dit vir jou kinders deur met hulle daaroor te praat as jy in jou huis is en as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan. 20Skryf dit op jou deurkosyne en op jou stadspoorte. 21Dan sal julle en julle nageslag lank, ja, so lank as die hemel en die aarde sal bestaan, bly woon in die land wat die Here met 'n eed beloof het om aan julle voorvaders te gee.

22"As julle al hierdie gebooie wat ek julle vandag gee, stiptelik gehoorsaam deur daarvolgens te lewe en die Here julle God lief te hê, sy wil te doen en Hom aan te hang, 23sal Hy al hierdie nasies verdryf, en dan sal julle die grondgebied van nasies wat groter en sterker is as julle, in besit

neem. 24Elke plek waar julle kom, sal julle s'n wees: van die woestyn in die suide af tot by Libanonberg in die noorde, van die rivier, die Eufraatrivier, in die ooste af tot by die see in die weste. Dit sal julle grense wees. 25Niemand sal teen julle kan bly staan nie. Soos die Here beloof het, sal Hy orals waar julle gaan, 'n skrik en angs vir julle oor die land laat kom. 26Let op, ek hou julle vandag die seën en die straf voor: 27die seën sal kom as julle die gebooie van die Here julle God gehoorsaam, wat ek julle vandag gee; 28die straf sal kom as julle ongehoorsaam is aan die gebooie van die Here julle God en die pad verlaat wat ek julle vandag aangewys het en ander gode aanhang waarvan julle nou nog nie eers weet nie. 29Wanneer die Here julle God julle bring in die land wat julle in besit gaan neem, moet julle die seën afkondig op Gerisimberg en die straf op Ebalberg. 30Die twee berge lê wes van die Jordaan, anderkant die pad uit die ooste, die pad uit die gebied van die Jordaanvallei, waar die Kanaäniete woon, regoor Gilgal, naby die waarsêersboom.

31"Julle staan op die punt om deur die Jordaan te trek om die land in besit te neem wat die Here julle God aan julle gee. Wanneer julle dit in besit geneem het en daar woon, 32moet julle al die voorskrifte en die bepalings wat ek julle vandag gegee het, gehoorsaam en daarvolgens lewe."

1. Omkring 'n vers of twee wat vir jou uitstaan.

2. Verhelder, in kleur, beloftes wat God aan Sy kinders gee vanuit die teksverse.

3. Skryf 'n opdrag/te neer wat God aan sy kinders gee, wat vandag nog vir jou waar is en geld.

____________________________________

____________________________________

____________________________________

____________________________________

4. Wil jy 'n vraag vra nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het? (jy hoef nie 'n antwoord te hê nie).

____________________________________

____________________________________

____________________________________

5. Wat dink jy wil God vir jou leer deur hierdie Bybelverse?

____________________________________

____________________________________

____________________________________

6. Noem die twee keuses waarvoor God Sy kinders gestel het en die gevolge van hul besluit nadat hul elkeen sou kies.

____________________________________

____________________________________

____________________________________



# Dag 25 SPREUKE 29

1'n Man wat hom bly verset teen teregwysings, kom skielik tot 'n val en staan nie weer op nie.

2'n Volk juig as regverdige mense die mag kry; 'n volk sug as 'n goddelose mens regeer.

3'n Man wat wysheid hoog aanslaan, maak sy vader gelukkig; een wat hom met prostitute ophou, vermors sy besittings.

4'n Koning wat reg laat geskied, maak 'n land veilig; een wat net belastings oplê, ruïneer 'n land.

5'n Man wat 'n ander vlei, is besig om hom in 'n strik te laat loop.

6'n Mens se sonde is sy grootste gevaar. Iemand wat reg doen, kan vrolik sing.

7'n Regverdige mens is besorg oor die reg van arm mense, 'n goddelose mens het nie begrip vir dié besorgdheid nie.

8Ligsinnige mense bring 'n stad in oproer; wyse mense kalmeer die gemoedere.

9Wanneer 'n wyse man 'n saak maak teen 'n dwaas, raak die dwaas opgewonde en beledigend, en kom daar nie vrede nie.

10Moordenaars haat 'n onskuldige mens; mense wat reg lewe, probeer sy lewe red.

11'n Dwaas gee vrye teuels aan sy woede; 'n wyse mens kry die dwaas naderhand gekalmeer.

12'n Regeerder wat hom aan leuens steur, het naderhand net goddeloses in sy diens.

13'n Arm mens en sy verdrukker het een ding gemeenskaplik: die Here hou hulle altwee in die lewe.

14As 'n koning reg aan arm mense laat geskied, sal hy lank regeer.

15'n Pak slae en 'n teregwysing bring wysheid; 'n kind wat sonder dissipline grootword, steek sy moeder in die skande.

16As goddelose mense regeer, regeer die sonde ook, maar die mense wat die wil van die Here doen, sal sien hoe die goddeloses ondergaan.

17Gee jou seun 'n goeie opvoeding en jy sal gerus wees oor hom; hy sal jou baie vreugde verskaf.

18Waar die wil van die Here nie bekend gemaak word nie, verwilder 'n volk; dit gaan goed met elkeen wat die wet van die Here onderhou.

19Met woorde alleen laat 'n slaaf hom nie waarsku nie; hy verstaan wat jy sê, maar hy reageer nie.

20Jy sien self: vir die man wat praat sonder om eers te dink, is daar minder hoop as vir 'n dwaas.

21As jy 'n slaaf van kleins af bederf, is hy rebels as hy groot is.

22'n Opvlieënde mens veroorsaak rusie; iemand wat kort van draad is, doen sonde op sonde.

23Hoogmoed bring 'n mens tot 'n val; nederigheid bring eer.

24Iemand wat gesteelde goed ontvang, gee nie om vir sy lewe nie; hy weet die vloek sal hom tref, maar hy wil nie praat nie.

25As jy vir mense bang is, kan jy in 'n strik beland, maar as jy jou vertroue in die Here stel, is jy veilig.

26Almal soek die guns van die regeerder,

maar dit is die Here wat aan 'n mens reg laat geskied.

27Mense wat die wil van die Here doen, het 'n afsku in iemand wat onwys optree; 'n goddelose mens het 'n afsku in dié wat reg lewe.

1. Onderstreep 'n paar verse wat vir jou uitstaan.

2. Kleur (highlight) 'n opdrag wat jy glo God vandag vir jou gee of uitlig, in 'n kleur waarvan jy hou.

3. Skryf 'n vers neer wat jou leer hoe om reg te lewe en waarvolgens jy jou lewe kan inrig.

____________________________________

____________________________________

____________________________________

4. Waaroor wonder jy of wil jy 'n vraag vra nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het? (Jy hoef nie noodwendig 'n antwoord hierop te hë nie).

____________________________________

____________________________________

____________________________________

5. Wat dink jy wil God vir jou leer deur hierdie Bybelgedeelte?

____________________________________

____________________________________

____________________________________



# Dag 26 JAKOBUS 3

## Beheersing van die tong

1My broers, julle moenie almal leermeesters wil wees nie, want julle moet weet dat ons wat leermeesters is, strenger as ander beoordeel sal word. 2Ons struikel almal in baie opsigte. As iemand nooit struikel in wat hy sê nie, is hy volmaak, by magte om ook sy hele liggaam in toom te hou. 3Vir perde sit ons 'n stang in die bek, en dan gehoorsaam hulle ons en het ons hulle hele liggaam onder beheer. 4Dink ook maar aan skepe: al is hulle baie groot en al is die winde wat hulle aandryf, baie sterk, word hulle tog met 'n baie klein roertjie gestuur net waarheen die stuurman wil. 5So is die tong ook maar 'n klein liggaamsdeeltjie, en tog het dit groot mag.

'n Klein vuurtjie kan 'n groot bos aan die brand steek. 6Die tong is ook 'n vuur, 'n wêreld vol ongeregtigheid, die deel van die liggaam wat die hele mens besmet. Dit steek die hele lewe, van die geboorte af tot die dood toe, aan die brand, en self word dit uit die hel aan die brand gesteek. 7Alles wat loop, vlieg, kruip of swem, elke soort dier word en is al deur die mens getem, 8maar geen mens kan die tong tem nie. Dit is 'n rustelose kwaad, vol dodelike gif. 9Met die tong loof ons die Here en Vader, en met die tong vloek ons die mense wat as die beeld van God gemaak is. 10Uit dieselfde mond kom lof en vloek. My broers, so moet dit nie wees nie. 11'n Fontein laat tog nie uit dieselfde oog vars en brak water opborrel nie. 12'n Vyeboom, my broers, kan tog nie olywe dra nie, of 'n druiwestok vye nie. 'n Brak fontein kan mos nie vars water gee nie!

## Hemelse wysheid teenoor aardse en demoniese wysheid

13Is daar 'n wyse en verstandige mens onder julle? Dan moet hy dit toon deur sy goeie gedrag en deur dade wat van nederigheid en wysheid getuig. 14Terwyl daar bittere naywer en selfsug in julle harte is, moet julle nie daarmee spog dat julle wysheid het nie, want dan praat julle nie die waarheid nie. 15Dié soort wysheid kom nie van Bo nie, maar is aards, sinlik, demonies, 16want waar daar naywer en selfsug is, kom daar wanorde en allerhande gemene dade. 17Maar die wysheid wat van Bo kom, is allereers sonder bybedoelings, en verder is dit vredeliewend, inskiklik, bedagsaam, vol medelye en goeie vrugte, onpartydig, opreg. 18Hierdie wysheid bring jou in die regte verhouding met God, en jy moet dit gebruik om vrede te maak.

.

1. Onderstreep 'n vers of twee wat vir jou uitstaan.

2. Skryf 'n vers of sin neer wat vir jou leer of 'n opdrag gee oor hoe om te lewe.

________________________________

________________________________

________________________________



3. Kies 'n vers en verduidelik hoe jy jou lewe kan rig of verander deur meer so te leef.

________________________________________

________________________________________

________________________________________

4. Is daar iets waarvan jy vandag weer opnuut bewus geraak het? Skryf dit neer.

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

5. Kies 'n vers en verander dit in 'n kort (een-sin) gebed tot God.

Vers : _____________

Gebed : ________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

6. Skryf neer wat die gevolg van hemelse wysheid is.

________________________________________

________________________________________

________________________________________



# Dag 27 RUT 2

## Die ontmoeting tussen Boas en Rut

1Naomi het 'n vermoënde familielid gehad van haar man Elimelek se kant af. Sy naam was Boas. 2Rut, die Moabitiese vrou, vra toe vir Naomi: "Mag ek lande toe gaan om are op te tel by iemand wat my toelaat om dit te doen?"

Naomi antwoord haar: "Gaan gerus maar, my dogter."

3Sy het toe geloop om in die land te gaan are optel agter die graansnyers aan. Sy het uitgekom by dié deel van die land wat behoort het aan Boas, die familielid van Elimelek. 4Boas het toe juis self uit Betlehem daar aangekom en hy het vir die snyers gesê: "Mag die Here by julle wees," en hulle het hom geantwoord: "Mag die Here u seën."

5Boas vra toe vir sy voorman: "Wie is daardie meisie?" 6en hy antwoord: "Sy is 'n Moabitiese meisie wat saam met Naomi van Moab af gekom het. 7Sy het gevra of sy are agter die snyers mag optel. Sy het toe gekom en is nog al die tyd besig van vanmôre af tot nou toe. Sy rus nou net 'n bietjie."

8Boas sê toe vir Rut: "Luister, my dogter, moenie op 'n ander land gaan are optel nie; moet ook nie hier weggaan nie. Bly hier by die meisies. 9Bly op die land waar hulle oes, en volg hulle. Ek het die mans aangesê om jou nie lastig te val nie. En wanneer jy dors is, gaan na die waterkruike toe en drink van die water wat die werksmense vir hulle geskep het."

10Rut het diep gebuig voor Boas en gevra: "Waarom is u so goed vir my en stel u belang in my, in 'n buitelander?"

11Boas antwoord haar toe: "Ek weet van alles wat jy vir jou skoonma gedoen het na die dood van haar man en dat jy jou ouers en jou geboorteland verlaat het en na 'n volk toe gekom het waarvan jy vantevore niks geweet het nie. 12Mag die Here jou beloon vir wat jy gedoen het. Mag jy 'n welverdiende beloning ontvang van die Here die God van Israel onder wie se vleuels jy kom skuil het."

13Sy het geantwoord: "Meneer, u bewys my 'n guns, u laat my goed voel, u is vriendelik met my, al is ek nie eers een van u slavinne nie."

14Toe dit etenstyd was, sê Boas vir haar: "Kom hierheen en eet 'n stukkie brood en doop dit in die wynsous."

Sy het toe by die snyers gaan sit, en Boas het vir haar gebraaide koring gegee. Nadat sy genoeg geëet het en selfs oorgehou het, 15het sy opgestaan om weer te gaan are optel. Boas het sy werkers toe beveel: "Sy mag selfs tussen die gerwe are optel en julle mag haar nie pla nie; 16julle moet ook van die are uit die gerwe haal en dit op die grond laat val. Sy mag dit optel sonder dat julle haar daaroor aanspreek."

17Rut het tot die aand toe are opgetel in die land. En toe sy uitslaan wat sy opgetel het, was dit ongeveer dertien kilogram. 18Sy het dit gevat en saamgeneem stad toe. Haar skoonma het gesien hoeveel sy bymekaargemaak het. Rut het ook van die kos wat sy oorgehou het, vir haar skoonma gegee.

19Haar skoonma vra haar toe: "Waar het jy vandag are opgetel en wat het jy alles gedoen? Mag dié een wat in jou belang gestel het, deur die Here geseën word." Sy het toe vir haar skoonma vertel wat sy

gedoen het en dat die man by wie sy die dag gewerk het, se naam Boas is.

20Naomi sê toe vir haar skoondogter: "Mag hy geseën word deur die Here wat nie nalaat om sy trou aan lewendes en dooies te bewys nie. En," het Naomi bygevoeg, "hierdie man is familie van ons. Hy is een van ons lossers."

21Rut, die Moabitiese vrou, sê toe: "Hy het ook nog vir my gesê ek moet by sy werksters bly totdat hulle klaar geoes het."

22Hierop sê Naomi vir haar: "Dit is goed vir jou, my dogter, dat jy saam met sy werksters uitgaan. Op 'n ander land sal jy dalk gemolesteer word."

23Rut het toe saam met die werksters van Boas are opgetel totdat die gars- en koringoes ingesamel was. Sy het nog by haar skoonma gewoon.

1. Onderstreep 'n vers of twee wat met jou hart praat.

2. Skryf 'n vers neer wat vir jou maklik is om te visualiseer ('n verbeeldingsprentjie vorm).

________________________________

________________________________

________________________________

3. Waaroor wil jy 'n vraag vra nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het?

________________________________

________________________________

________________________________

4. Wat dink jy wil God vir jou leer deur hierdie Bybelgedeelte?

________________________________

________________________________

________________________________

5. Watter Bybelkarakter in vandag se verhaal, se voorbeeld sal jy graag wil nastreef of beslis glad nie wil navolg nie.

________________________________

________________________________

________________________________



# Dag 28 LUKAS 2

## Die geboorte van Jesus

1In daardie tyd het keiser Augustus 'n bevel
uitgevaardig dat 'n volkstelling in die hele
ryk gehou moet word. 2Hierdie eerste
volkstelling het plaasgevind toe Sirenius
goewerneur was in die provinsie
Sirië. 3Almal het gegaan om hulle te laat
inskryf, elkeen na sy eie stad toe.

4Ook Josef het gegaan. Hy het van die dorp
Nasaret in Galilea na Judea toe gegaan, na
Betlehem, die stad van Dawid, omdat hy tot
die huis en geslag van Dawid behoort
het. 5Maria, sy verloofde, wat swanger was,
het saamgegaan om ingeskryf te
word. 6Terwyl hulle daar was, het die tyd
gekom dat haar kind gebore moes
word. 7Sy het haar Eerstelingseun in die
wêreld gebring en Hom in doeke toegedraai
en in 'n krip neergelê, omdat daar vir hulle
geen plek in die herberg was nie.

Die skaapwagters en die engele

8Daar was skaapwagters in daardie
omgewing wat in die oop veld gebly en in
die nag oor hulle skape wag gehou
het. 9Meteens staan daar 'n engel van die
Here by hulle, en die heerlikheid van die
Here het rondom hulle geskyn. Hulle het
baie groot geskrik. 10Toe sê die engel vir
hulle: "Moenie bang wees nie, want kyk, ek
bring vir julle 'n goeie tyding van groot
blydskap wat vir die hele volk bestem
is. 11Vandag is daar vir julle in die stad van
Dawid die Verlosser gebore, Christus die
Here! 12En dit is vir julle die teken: julle sal
'n kindjie vind wat in doeke toegedraai is en
in 'n krip lê."

13Skielik was daar saam met die engel 'n
menigte engele uit die hemel wat God prys
en sê:

14"Eer aan God in die hoogste hemel,

en vrede op aarde

vir die mense in wie Hy 'n welbehae het!"

15Nadat die engele van hulle af weggegaan
het na die hemel toe, sê die skaapwagters
vir mekaar: "Kom ons gaan reguit Betlehem
toe om te sien wat gebeur het, soos die
Here dit aan ons bekend gemaak het."

16Hulle gaan toe haastig daarheen en kry
vir Maria en Josef, en die Kindjie wat in die
krip lê. 17Toe hulle Hom sien, het hulle
vertel wat oor hierdie Kindjie aan hulle gesê
is. 18Almal wat dit gehoor het, was
verwonderd oor wat die skaapwagters hulle
vertel het. 19Maria het alles wat gesê is,
onthou en telkens weer by haarself daaroor
nagedink. 20Die skaapwagters het toe
teruggegaan terwyl hulle God loof en prys
oor alles wat hulle gehoor en gesien het. Dit
was alles net soos dit vir hulle gesê is.

## Besnydenis, afsondering, reiniging

21Ag dae later, toe dit tyd was om die
Kindjie te besny, het Hy die naam Jesus
gekry, die naam wat deur die engel genoem
is nog voordat Hy in die moederskoot
ontvang is.

22Toe die reinigingstyd soos deur die wet
van Moses bepaal, vir hulle verby was, het
hulle Hom na Jerusalem toe gebring om
Hom tot beskikking van die Here te
stel. 23In die wet van die Here staan
immers geskrywe: "Elke eersteling van die
manlike geslag moet vir die Here
afgesonder word." 24Hulle het ook die
reinigingsoffer gebring volgens die voorskrif
in die wet van die Here, naamlik "'n paar
tortelduiwe of twee jong duiwe."

## Simeon en Anna by die tempel

25Daar het destyds 'n man met die naam Simeon in Jerusalem gewoon. Hy was getrou aan die wet en vroom, en het uitgesien na die koms van die Verlosser van Israel. Die Heilige Gees was op Simeon 26en het aan hom bekend gemaak dat hy nie sou sterwe voordat hy die Gesalfde van die Here gesien het nie. 27Deur die Gees gelei, het hy opgegaan na die tempel toe. Toe die ouers die Kindjie Jesus bring om vir Hom die gebruiklike bepaling van die wet na te kom, 28het Simeon Hom in sy arms geneem en God geprys en gesê:

29“Here, laat u dienaar nou

in vrede gaan volgens u woord,

30omdat my oë u verlossing gesien het

31wat U gereed gemaak het

voor die oë van al die volke:

32'n lig tot verligting van die nasies

en tot eer van u volk Israel.”

33Sy vader en moeder was verwonderd oor die dinge wat van Hom gesê is.

34Simeon het hulle geseën en vir Maria, sy moeder, gesê: “Kyk, hierdie Kindjie is bestem tot 'n val en 'n opstanding van baie in Israel en tot 'n teken wat weerspreek sal word. 35So sal die gesindheid van baie mense aan die lig kom. En wat jou betref, 'n swaard sal deur jou siel gaan.”

36Daar was ook 'n profetes, Anna, 'n dogter van Fanuel uit die stam Aser. Sy was al baie oud. As jong vrou was sy sewe jaar getroud, en na haar man se dood 37het sy weduwee gebly. Sy was nou al vier en tagtig jaar oud. Sy het nie van die tempel af weggebly nie en het God dag en nag gedien deur te vas en te bid. 38Juis op daardie oomblik het sy nader gekom en God gedank en oor die Kindjie gepraat met almal wat na die verlossing van Jerusalem uitgesien het.

39Toe Josef-hulle alles nagekom het wat die wet van die Here voorskryf, het hulle na Galilea toe teruggegaan, na hulle eie dorp, Nasaret. 40Die Kindjie het gegroei en sterk geword, en Hy was vol wysheid, en die genade van God was op Hom.

## Die Kind Jesus by die tempel

41Jesus se ouers het elke jaar vir die paasfees Jerusalem toe gegaan. 42Toe Hy twaalf jaar oud was, het hulle weer soos gebruiklik daarheen gegaan vir die fees. 43En toe die feesdae verby was, het sy ouers die terugreis begin, maar die Kind Jesus het in Jerusalem gebly sonder dat hulle dit geweet het. 44Omdat hulle gedink het Hy is by die reisgeselskap, het hulle 'n dag lank gereis voordat hulle Hom onder die familie en bekendes begin soek het. 45Toe hulle Hom nie kry nie, het hulle omgedraai na Jerusalem toe op soek na Hom. 46Na drie dae het hulle Hom by die tempel gekry waar Hy tussen die geleerdes sit en na hulle luister en hulle uitvra. 47Almal wat Hom gehoor het, was verbaas oor sy insig en sy antwoorde. 48Toe sy ouers Hom sien, was hulle verslae, en sy moeder sê vir Hom: “Kind, waarom het jy so met ons gemaak? Kyk, jou vader en ek het met angs na jou gesoek.”

49Maar Hy antwoord hulle: “Waarom het u na My gesoek? Het u nie geweet dat Ek in die huis van my Vader moet wees nie?”

50Hulle het nie begryp wat Hy daarmee bedoel het nie.

51Hy het toe saam met hulle na Nasaret toe teruggegaan, en Hy was aan hulle onderdanig. Sy moeder het al hierdie dinge in haar hart bewaar.

52En Jesus het verstandelik en liggaamlik gegroei en in guns by God en die mense toegeneem.

1. Kleur 'n vers of twee in ('highlight') wat vir jou uitstaan vanuit hierdie gedeelte in Markus.

2. Kies 'n Bybelkarakter uit die storie en skryf 'n optrede of karaktereienskap van hom/haar neer, wat jy bewonder of nastreef.

___________________________________

___________________________________

___________________________________

3. Waaroor wonder jy nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het?

__________________________________

___________________________________

___________________________________

4. Wat dink jy wil God vir jou leer deur hierdie Bybelverse?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

5. Kies 'n vers en verander dit in 'n kort (een-sin) gebed tot God.

Vers : ___________

Gebed :

___________________________________

___________________________________

___________________________________



# Dag 29 JOB 2

## Die Satan tref vir Job met pynlike swere

1Toe die hemelwesens weer op 'n dag voor
die Here kom staan, het die Satan ook
tussen hulle voor die Here kom staan. 2Toe
vra die Here vir hom: "Waar kom jy
vandaan?"

En die Satan antwoord die Here: "Ek het die wêreld deurkruis."

3Die Here vra toe vir die Satan: "En my
dienaar Job, het jy hom nou gesien? Sy
gelyke kry jy nie op aarde nie: hy is vroom
en opreg, hy dien My en vermy die kwaad.
Hy het vroom gebly, al het jy My daartoe
gebring om hom sonder rede te ruïneer."

4Die Satan sê toe vir die Here: "Dit bewys
nog niks. 'n Man sal mos alles gee wat hy
het, as hy net kan bly lewe. 5Maar raak nou
net aan sy liggaam en kyk of hy U dan nie in
u gesig vervloek nie."

6Toe sê die Here vir die Satan: "Goed, hy is
in jou mag. Net sy lewe mag jy nie neem
nie."

7Die Satan het van die Here af weggegaan
en vir Job met pynlike swere getref, van sy
kop tot sy tone. 8Job het op 'n ashoop gaan
sit en hy het 'n potskerf gevat en hom
daarmee gekrap. 9En sy vrou het vir hom
gesê: "Bly jy nog steeds vroom? Vervloek
God en sterf!"

10Toe sê hy vir haar: "Jy praat nou soos 'n
vroumens sonder verstand. As ons die goeie
van God aanvaar, moet ons nie ook die
slegte aanvaar nie?"

Onder alles het Job met geen woord gesondig nie.



## Job vervloek sy geboortedag voor sy vriende

11Drie van Job se vriende het verneem van
al die rampe wat hom oorgekom het. Hulle
het elkeen van sy eie plek af gekom, Elifas
uit Teman, Bildad uit Suag en Sofar uit
Naäma. Hulle het afgespreek om
deelneming met hom te betuig en hom te
troos. 12Toe hulle hom op 'n afstand sien,
het hulle hom eers nie herken nie. Daarna
het hulle hardop begin huil, hulle klere
geskeur en stof in die lug en op hulle koppe
gegooi. 13Sewe dae en sewe nagte lank het
hulle op die grond by hom gesit sonder om
'n woord met hom te praat, want hulle het
gesien dat sy smart baie groot is.

1. Omkring 'n vers of twee wat vir jou uitstaan.

2. Verhelder die verse wat God se woorde bevat.

3. Waaroor wonder jy of wil jy 'n vraag vra nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het?

________________________________

________________________________

________________________________

4. Waarvan dink jy, wil God jou bewus maak deur hierdie storie van Job?

________________________________

________________________________

________________________________

# Dag 30 **1 JOHANNES 4**

**Die vals profete**

1Geliefdes, moenie enigeen glo wat sê dat hy die Gees van God het nie, want daar is nou reeds baie vals profete in die wêreld, maar ondersoek elkeen, ondersoek of sy gees van God afkomstig is. 2Hiéraan ken julle die Gees van God: elkeen wat bely dat Jesus werklik die Christus is wat mens geword het, het die Gees wat van God afkomstig is. 3En elkeen wat dit nie van Jesus bely nie, het nie die Gees wat van God afkomstig is nie. Hy het die gees van die antichris, die gees van wie julle gehoor het dat hy kom en wat nou reeds in die wêreld is.

4Julle behoort aan God, liewe kinders, en het die vals profete klaar oorwin omdat Hy wat in julle is, groter is as die duiwel, wat in die wêreld is. 5Hulle behoort aan die wêreld, en wat hulle sê, is dus van die wêreld afkomstig, en die wêreld luister na hulle. 6Ons behoort aan God, en wie vir God ken, luister na ons; wie nie aan God behoort nie, luister nie na ons nie. Hieraan kan ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaalleer onderskei.

**God is liefde**

7Geliefdes, ons moet mekaar liefhê, want liefde kom van God, en elkeen wat liefhet, is 'n kind van God en ken God. 8Wie nie liefhet nie, het geen kennis van God nie, want God is liefde. 9Hiérin is God se liefde vir ons geopenbaar: sy enigste Seun het Hy na die wêreld toe gestuur sodat ons deur Hom die lewe kan hê. 10Werklike liefde is dít: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes.

11Geliefdes, as dit is hoe God sy liefde aan ons bewys het, behoort ons mekaar ook lief te hê. 12Niemand het God nog ooit gesien nie, maar as ons mekaar liefhet, bly God in ons en het sy liefde in ons sy doel volkome bereik.

13Hiéraan weet ons dat ons in Hom bly en Hy in ons: Hy het ons sy Gees gegee. 14En ons het gesien en is getuie daarvan dat die Vader die Seun as Redder van die wêreld gestuur het. 15Wie bely dat Jesus die Seun van God is – God bly in hom en hy in God. 16En ons ken die liefde wat God vir ons het, en ons glo daarin.

God is liefde; wie in die liefde bly, bly in God en God bly in hom. 17Hiérin het die liefde sy doel volkome met ons bereik: ons het niks te vrees vir die oordeelsdag nie, want in hierdie wêreld lewe ons reeds deur die liefde net soos Jesus. 18Waar liefde is, is daar geen vrees nie, maar volmaakte liefde verdryf vrees, want vrees verwag straf, en wie nog vrees, het nie volmaakte liefde nie. 19Ons het lief omdat God ons eerste liefgehad het. 20As iemand sê: "Ek het God lief," en hy haat sy broer, is hy 'n leuenaar; want wie sy broer, wat hy kan sien, nie liefhet nie, kan onmoontlik vir God liefhê, wat hy nie kan sien nie. 21En hierdie gebod het ons van Hom gekry: Wie vir God liefhet, moet ook sy broer liefhê.

1. Onderstreep 'n vers of twee wat vir jou mooi is.

2. Kleur die verse in, wat waarhede oor God beskryf.

3. Hoe leer hierdie Skrifgedeelte jou om as kind van God te lewe?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

4. Waaroor wonder jy nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het?

__________________________________

___________________________________

___________________________________

5. Wat dink jy wil God vir jou sê deur hierdie Bybelgedeelte?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

6. Kies 'n vers en verander dit in 'n kort (een-sin) gebed tot God.

Vers : ___________

Gebed :

___________________________________

___________________________________

___________________________________



& Gees

Heuningsoet Woord

Psalm 19:10&11

deur Carien Stander

www.thedesertcall.com

Hierdie Joernaal is gemaak om uit te deel! My begeerte is dat kinders lief raak vir die Woord van God en dat hulle deur leiding van Heilige Gees, die Stem van God sal leer herken soos wat hulle deur die Woord lees. Voel vry om hierdie joernaal aan te stuur of uit te druk vir iemand. Moet asseblief nie enige deel hiervan verkoop nie. Aangesien hierdie joernale verniet is, gaan dit nie deur uitgewers wat dit hersien nie. Wanneer jy op 'n fout afkom, is jy welkom om my in te lig! Ek dateer gereeld die uitgawes op en sal gewoonlik die nuutste uitgawe uitstuur op versoek. Laai Kreatiewe en Refleksie Bybel Joernale vanuit ander Bybelboeke gratis af by die Afrikaanse opsie: www.thedesertcall.com